# H O O F S T U K 5

# ONTLEDING VAN DIE RESPONSE

## 5.1 INLEIDING

Waar die metode van ondersoek in die vorige hoofstuk bespreek is, word nou voortgegaan met die ontleding van die responsies op die vraelys.

Die aandag word toegespits op die faktore wat moontlik 'n invloed uitgeoefen het by die oorweging van die onderwys as loopbaan. Faktore wat Transvaalse stan= derd 10-seuns moontlik kan aanmoedig, is veral belangrik en ook faktore wat hulle kan ontmoedig om die onderwys as loopbaan te kies. Ten slotte sal ge= poog word om vas te stel watter invloed persone, met wie die respondente dikwels in aanraking kom, in bogenoemde verband uitgeoefen het.

## 5.2 ORDENING VAN GEGEWENS

Altesaam 1 180 vraelyste is genommer en ingedeel in die verskillende strata, naamlik: stedelike Afrikaanssprekendes; plattelandse Afrikaanssprekendes; stedelike Engelssprekendes en plattelandse Engelssprekendes. Vervolgens is die vraelyste deur die Rekensentrum van die P. U. vir C. H. O. gehanteer. Hier het veral dr. H. S. Steyn van die Departement Statistiek en mnr. Tjaart Steyn van die Rekensentrum, besondere insig openbaar en geen moeite ontsien in die voorbereiding van 'n program vir die ontleding van die responsies nie. As gevolg hiervan kon die verwerking van die data besonder vinnig en doeltreffend deur die IBM-370/125-rekenaar gedoen word.

Die volgende formules is in die program van die rekenaar ingesluit om die ge= skatte persentasies en die standaardfoute te bereken, laasgenoemde om die graad van beduidendheid vas te stel - van die totale aantal Transvaalse matriekseuns, Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies en dié wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie.

a(i) Geskatte persentasies in 'n stratum (Barnett, 1974, p. 124).

$$P = \frac{T}{N} \times \frac{100}{1}$$

Waar T = totaal van die steekproef in 'n stratum wat positiewe respon=sies op 'n vraag gelewer het.

N = totaal van steekproef uit 'n stratum.

P = geskatte persentasie positiewe responsies op die vraag.

a(ii) Standaardfout van geskatte persentasie in 'n stratum

Die standaardfout dui die akkuraatheid van die skatting van die werklike persentasie aan.

$$S = \sqrt{\frac{(M - m)}{m(m-1)} \Sigma_j \left(\frac{K(j)}{N}\right)^2 (V(j) - P)^2}$$

Waar $\Sigma_j$ beteken somasie oor j.

S = standaardfout van geskatte persentasie P.

M = aantal skole in stratum (T.O.D., 1976, p. 86 - 99).

m = aantal skole uit stratum gekies vir steekproef.

N = totale aantal seuns in stratum (Klopper, 1977, p. 1).

K(j) = aantal seuns in die j-de skool in steekproef.

V(j) = persentasie positiewe responsies in skool.

b(i) Geskatte persentasie van die populasie (kyk par. 5.2 hierbo; Barnett, 1974, p. 80).

$$\bar{P} = \Sigma_j W(j) P(j)$$

Waar $W_{(j)}$ die relatiewe frekwensie is van stratum j ten opsigte van die hele populasie, d.i. proporsie $\bar{N}$ wat in stratum i val, waar $\bar{N}$ = totaal van populasie.

$P_{(j)}$ = geskatte persentasie van positiewe responsies in stratum j op vraag.

$\bar{P}$ = geskatte persentasie van positiewe responsies in populasie

op vraag.

b(ii) Standaardfout van geskatte persentasie (kyk par. 5.2 hierbo) van die populasie.

$$S = \sqrt{\Sigma j[\ W(j)\ ]^2\ \ (1 - f(j))\ [S^2(j)\ ]/n(j)}$$

Waar $S(j)$ = standaardfout van stratum j.

$f(j)$ = die relatiewe frekwensie van steekproef in stratum j.

$n(j)$ = aantal in steekproef in stratum j.

ŉ Enkele bylae (kyk bylae 6) is opgestel wat die gegewens, soos deur die rekenaar verwerk, uit die geslotte vraelyste saamvat. Die gegewens word in dieselfde volgorde verstrek as wat die betrokke vrae in die vraelys gerangskik is. Hierdeur word ŉ bondige oorsig van alle responsies verstrek. Die data is uitgedruk as ŉ skatting van die persentasie (kyk par. 5.2 hierbo) van alle Transvaalse matriek=seuns in die verskillende strata, Praktiese Kursus uitgesluit (Barnett, 1974, p. 124). ŉ Tweede en derde bylae (kyk bylae 7 en 8) is saamgestel waarin al die geskatte persentasies aangaande Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies en dié wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie saamgevat is. Die data is uitgedruk as ŉ geskatte persentasie (kyk par. 5.2 hierbo) van die totale populasie Transvaalse matriekseuns in die verskillende strata, Praktiese Kursus uitgesluit .

Aangesien die invloed van die veranderlikes so omvangryk is, sal slegs dié invloed wat beduidend is in aanmerking geneem word. Die beduidendheid van verskille word as volg bereken: as voorbeeld word die stedelike Afrikaans- en Engelsspre=kende matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies vergelyk (Hoel, 1971, p. 178; kyk ook bylae 6 vraag 7).

$P_1$ = stedelike Afrikaanssprekendes

$P_2$ = stedelike Engelssprekendes

$S$ = standaardfout van $P_1$-$P_2$ en om die waarde van S vas te stel word die volgende formule toegepas:

$$S = \sqrt{S_1^2 + S_2^2}$$ (Waar $S_1$ en $S_2$ die standaardfout van $P_1$ en $P_2$ is).

$$= \sqrt{4 + 0}$$

$$= 2$$

Om te toets vir beduidendheid van verskil tussen proporsie stedelike Afrikaanssprekende matriekseuns en proporsie stedelike Engelssprekende matriekseuns, word die volgende formule toegepas (Hoel, 1971, p. 177 - 179):

as $|\frac{P_1 - P_2}{S}| > 1{,}96$ of 2,58 respektiewelik is dan is die verskil beduidend op die 5%- of 1%-peil respektiewelik, bv.:

$|\frac{14 - 5}{2}| = 4{,}5$ wat $> 2{,}58$. Dit dui dus ŉ verskil op die 1%-peil van beduidendheid aan.

Alle voltooide vraelyste en roupunte wat deur die rekenaar verskaf is, word deur skrywer bewaar en kan op versoek besigtig word.

## 5.3 ONTLEDING VAN DIE RELATIEWE INVLOED VAN VERSKILLENDE FAKTORE WAT TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS MOONTLIK KAN BEÏNVLOED BY DIE KEUSE VAN DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN

In die volgende 8 tabelle word persoonlike besonderhede van Transvaalse matriekseuns teenoor die keuse van die onderwys as loopbaan gestel om moontlike tendense af te lei. Daar word naamlik beoog om vas te stel of die ondergenoemde faktore ten opsigte van die keuse van die onderwys as loopbaan moontlik ŉ beduidende invloed sal uitoefen.

Die volgende veranderlikes of faktore word in oënskou geneem: stad, platteland, Afrikaanssprekendes, Engelssprekendes, aantal vakke op hoërgraad, skolastiese prestasie en of die vader of moeder in die onderwys is of was. Daar sal ook gelet word op die belangrikste rede waarom respondente waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies en die standerd waarin hulle was toe hulle besluit het op die onderwys as loopbaan.

## TABEL 1

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOP= BAAN SAL KIES ASOOK VAN DIE WAT DIT WAARSKYNLIK NIE SAL KIES NIE (BYLAE 6, VRAAG 7)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPRE= KENDES | TOTALE % AFRIKAANS= SPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANS= SPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANS= SPREKENDES | % STEDELIKE ENGELS= SPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 11 ± 1,0<br>2. 82 ± 1,4<br>3. 6 ± 1,0 | 1. 14 ± 1,7<br>2. 79 ± 2,2<br>3. 5 ± 1,0 | 1. 14 ± 2,0<br>2. 79 ± 2,4<br>3. 5 ± 1,0 | 1. 10 ± 4,0<br>2. 77 ± 4,5<br>3. 11 ± 2,6 | 1. 5 ± 0<br>2. 89 ± 1,4<br>3. 4 ± 1,0 |
| TOTALE % ENGELS= SPREKENDES<br>1. 6 ± 0<br>2. 89 ± 1,4<br>3. 4 ± 1,0 | | 1. 8[1)]*<br>2. 10 *<br>3. 1 | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 5 ± 0<br>2. 89 ± 1,4<br>3. 4 ± 1,0 | | | 1. 9*<br>2. 10*<br>3. 1 | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 10 ± 4,1<br>2. 86 ± 6,1<br>3. 2 ± 1,0 | | | | 1. 0<br>2. 9<br>3. 9** | 1. 5<br>2. 3<br>3. 2 |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 10 ± 4,0<br>2. 77 ± 4,5<br>3. 11 ± 2,6 | | | 1. 4<br>2. 2<br>3. 6 | | |

1. Persentasie matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies.
2. Persentasie matriekseuns wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie.
3. Persentasie matriekseuns wat onseker is oor 'n beroepskeuse.

* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).

** Beduidende verskil op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

## 5.4 BEVINDINGS

[ Let op dat die geweegde gemiddeld (kyk par. 5.2 b(i)) van die geskatte persen= tasie stedelike Transvaalse Afrikaanse matriekseuns (kyk tabel 1) wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies (14%) en dié van die platteland (10%) ooglopend nie strook met die geskatte totale persentasie Afrikaanssprekendes (14%) nie. Die rede hiervoor kan toegeskryf word aan die afronding na heelgetalpersentasies wat as volg gedoen is.

1. Die persentasies van die totaal Afrikaans- en Engelssprekendes, die totaal Afrikaanssprekendes en die totaal Engelssprekendes is benader tot die naaste heelgetal.

2. Die persentasies vir stedelike Afrikaanssprekendes, plattelandse Afri= kaanssprekendes, stedelike Engelssprekendes en plattelandse Engelssprekendes, is afgerond na die heelgetal kleiner as die werklike persentasie (12,9 word bv. afgerond na 12). Dieselfde verklaring geld vir alle tabelle waar hierdie verskynsel voorkom, asook vir die totale populasie Transvaalse matriekseuns (Bylae 6) en die persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie (Bylae 8).

Daar is ook gevalle waar die geskatte standaardfout van beide die persentasies wat met mekaar vergelyk word nul is, wat kan beteken dat dit inderwaarheid beide net kleiner as een of beide net groter as nul is as gevolg van afronding na die heelgetal kleiner as die werklike persentasie. In sulke gevalle is verskille van 3% (kyk tabel 2, stedelike Afrikaans- minus stedelike Engelssprekendes wat 5 vakke op die hoërgraad neem) geneem as beduidend op die 1%-peil omdat 3>2,58 (kyk par. 5.2). Verskille van 2% (kyk tabel 3, plattelandse Engels- minus stedelike Engelssprekendes wat tussen 50% en 59% in hulle eksamen behaal het) is geneem as beduidend op die 5%-peil omdat 2>1,96 (kyk par. 5.2) ].

### 5.4.1 Die keuse van die onderwys as loopbaan al dan nie (kyk tabel 1)

Tabel 1 toon dat 11% ± 1,0% van die totale aantal Afrikaans- en Engelssprekende Transvaalse matriekseuns waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, terwyl 82% ± 1,4% dit waarskynlik nie sal kies nie en dat 6% ± 1,0% (kyk bylae 6, vraag 7.3) nog onseker is aangaande hulle beroepskeuse. Tabel 1 toon voorts dat 8% meer Afrikaans- as Engelssprekende matriekseuns en 9% meer stedelike

Afrikaans- as stedelike Engelssprekendes waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, terwyl 10% meer Engels- as Afrikaanssprekendes en 10% meer stedelike Engels- as stedelike Afrikaanssprekendes waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie. Al bogenoemde verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2).[1)]

Die belangrikste bevinding is dat waarskynlik 8% meer Transvaalse Afrikaans- as Engelssprekende matriekseuns die onderwys as loopbaan sal kies, terwyl 10% meer Engels- as Afrikaanssprekendes nie die onderwys as loopbaan sal kies nie. Hierdie verskil kan hoofsaaklik aan die stedelike stratum toegeskryf word waar 9% meer Afrikaans- as Engelssprekendes waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies. Wat die totale aantal Transvaalse matriekseuns van 1977 betref is die skatting dus dat waarskynlik 11% $\pm$ 1,0% tot die onderwys sal toetree waarvan daar 8%, beduidend op die 1%-peil, meer Afrikaans- as Engelssprekendes sal wees.

Die kwota manstudente wat waarskynlik in 1978 as verbintenisstudente deur die Transvaalse Onderwysdepartement toegelaat sal word, is 983 vir sekondêre- en 490 vir primêre skole; 'n totaal van 1 473 (T.O.D., 1977, Knobel). Op 1 Maart 1977 was daar 10 449 matriekseuns, Praktiese Kursus uitgesluit, in Transvaal op skool (T.O.D., 1977, Klopper). Die Transvaalse Onderwysdepartement verwag dus dat $\frac{1\ 473}{10\ 499} \times \frac{100}{1}$ = 14,1% van die matriekseuns van 1977 aansoek sal doen vir onderwysbeurse. Die kwota dames vir 1978 is 2 390 en 1 450 respektiewelik vir sekondêre- en primêre skole 'n totaal van 3 840 dames (T.O.D., 1977, Knobel) wat die totaal mans en dames op 5 313 te staan bring.

Verdere ontleding van hierdie statistiek toon:

1. Totale persentasie mans in die kwota:

$$\frac{1\ 473}{5\ 313} \times \frac{100}{1}$$

$$= 27{,}72\%$$

2. Persentasie mans vir sekondêre skole in die kwota:

$$\frac{983}{3\ 373} \times \frac{100}{1}$$

$$= 29{,}14\%$$

---

1) In die bespreking van die gegewens van tabelle 1 tot 55 sal slegs beduidende verskille op die 1%- of 5%-peil figureer. Alle ander verskille word as niebeduidend beskou en dus nie vermeld nie.

3. Persentasie mans vir primêre skole in die kwota:

$$\frac{490}{1\ 940} \times \frac{100}{1}$$

$$= 25,25\%$$

Die persentasie mans wat in 1977 in diens van die Transvaalse Onderwysdepartement was, is as volg: uit die totaal van 33,6% was 45,0% aan sekondêre skole verbonde en 21,3% aan primêre skole (du Toit, 1977, p. 2). In vergelyking met die kwota vir 1978 toon hierdie persentasies dat slegs aan die primêre skole daar moontlik, indien almal slaag en die kwota volskryf word, na vier jaar 'n baie geringe toename in die persentasie mans sal wees.

Volgens die geskatte persentasie in hierdie ondersoek, sal 11% ± 1,0% (kyk bylae 6, vraag 7.1) Transvaalse matriekseuns waarskynlik die onderwys as loopbaan kies en dit is $\frac{11}{100} \times \frac{10\ 449}{1} = 1\ 149$. Word die standaardfout in berekening gebring, kan dit $\frac{12}{100} \times \frac{10\ 449}{1} = 1\ 254$ of $\frac{10}{100} \times \frac{10\ 449}{1} = 1\ 045$ wees. Daar sal dus waarskynlik op die beoogde kwota van 1 473 manstudente in 1978 'n tekort van 1 473 - 1 254 = 219 of 1 473 - 1 045 = 428 wees. By vasstelling van die kwota manstudente wat studiebeurse kan kry, is dié wat vir hulle eie opleiding gaan be= taal nie ingereken nie, maar hulle is wel ingereken by die geskatte persentasie van hierdie ondersoek. Hieruit kan afgelei word dat daar waarskynlik nie vol= doende aansoeke van manstudente ontvang sal word om aan die kwota, 1 473 te vol= doen nie. Statistiek wat in 1978 deur die Transvaalse Onderwysdepartement en die Transvaalse Onderwysersvereniging verskaf is, toon dat die aantal verbintenis= studente wat aan die begin van 1978 toegelaat is vir onderwysersopleiding as volg daar uitsien:

| | | |
|---|---|---|
| Onderwyskolleges | 452 | (Bouer, 1978, p. 1) |
| Universiteite | 718 | (Kruger, 1978, p. 1) |
| TOTAAL | 1 170 | d.i. $\frac{1\ 170}{10\ 449} \times \frac{100}{1} = 11,2\%$ van die totale |

populasie Transvaalse matriekseuns.

Hierdie totaal is 203 minder as die kwota (1 473) (T.O.D., 1977, Knobel) en slegs 21 meer as die voorspelling in hierdie ondersoek nl. 11% of 1 149 (kyk par. 5.4.1 hierbo). Daar kan dus met groot vrymoedigheid aanvaar word dat die voorspel= ling van hierdie ondersoek waarskynlik in die kol is. Dit geld dan ook waarskyn=

TABEL 2

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN DIE AANTAL VAKKE WAT HULLE OP DIE HOËR GRAAD NEEM (BYLAE 7, VRAAG 2)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPRE= KENDES | TOTALE % AFRIKAANS= SPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANS= SPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANS= SPREKENDES | % STEDELIKE ENGELS= SPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 1 ± 0<br>2. 2 ± 0<br>3. 4 ± 1,0<br>4. 2 ± 0<br>5. 2 ± 0<br>6. 0 ± 0 | 1. 1 ± 0<br>2. 3 ± 0<br>3. 5 ± 1,0<br>4. 1 ± 0<br>5. 3 ± 0<br>6. 0 ± 0 | 1. 1 ± 0<br>2. 3 ± 0<br>3. 4 ± 1,0<br>4. 1 ± 0<br>5. 3 ± 0<br>6. 0 ± 0 | 1. 1 ± 0<br>2. 2 ± 1,0<br>3. 4 ± 3,0<br>4. 0 ± 0<br>5. 2 ± 2,0<br>6. 0 ± 0 | 1. 0 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 1 ± 0<br>5. 0 ± 0<br>6. 0 ± 0 |
| TOTALE % ENGELS= SPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 1 ± 1,0<br>3. 3 ± 1,7<br>4. 2 ± 1,4<br>5. 1 ± 1,0<br>6. 0 ± 0 | | 1. 1[1)]<br>2. 2**<br>3. 2<br>4. 1<br>5. 2**<br>6. 0 | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 1 ± 0<br>5. 0 ± 0<br>6. 0 ± 0 | | | 1. 1<br>2. 3*<br>3. 2**<br>4. 0<br>5. 3*<br>6. 0 | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 1 ± 1,0<br>2. 3 ± 3,3<br>3. 5 ± 1,7<br>4. 1 ± 1,0<br>5. 0 ± 0<br>6. 0 ± 0 | | | | 1. 0<br>2. 1<br>3. 1<br>4. 1<br>5. 2<br>6. 0 | 1. 1<br>2. 3<br>3. 3<br>4. 0<br>5. 0<br>6. 0 |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 1 ± 0<br>2. 2 ± 1,0<br>3. 4 ± 3,0<br>4. 0 ± 0<br>5. 2 ± 2,0<br>6. 0 ± 0 | | | 1. 0<br>2. 1<br>3. 0<br>4. 1<br>5. 1<br>6. 0 | | |

1. 6 vakke.
2. 5 vakke.
3. 4 vakke.
4. 3 vakke.
5. 2 vakke.
6. 1 vak.

1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.
* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).
** Beduidende verskil op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

lik vir die res van die voorspellings wat hierin gemaak sal word.

Om dus die tekort aan mans in die primêre- sowel as die sekondêre skole uit te wis sal die jaarlikse kwota manstudente 'n aansienlike hoër persentasie as tans moet wees. Besondere aandag sal aan die toetrede van Transvaalse Engelsspre= kende matriekseuns tot die onderwys gegee moet word, want dat die onderwys nie vir hulle 'n besondere aantrekkingskrag het nie, blyk uit die verhouding 14% ± 1,7% Afrikaanssprekendes teenoor die slegs 6% ± 0% Engelssprekendes wat waar= skynlik die onderwys as loopbaan sal kies. Dit is 'n beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2 en par. 5.4.1 hierbo).

5.4.2 Ontleding van die aantal vakke wat die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies op die hoërgraad neem (kyk tabel 2)

Tabel 2 toon dat 1% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns wat 6 vakke; 2% wat 5 vakke; 4% wat 4 vakke; 2% wat 3 vakke en 2% wat 2 vakke op die hoër= graad neem, waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies. Tabel 2 toon voorts dat 2% meer Afrikaans- as Engelssprekendes wat 5 vakke; 2% meer Afrikaans- as Engelssprekendes wat 2 vakke en 2% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engels= sprekendes wat 4 vakke op die hoërgraad neem, waarskynlik die onderwys as loop= baan sal kies. Al bogenoemde verskille is beduidend op die 5%-peil (kyk par. 5.2). Verder sal 3% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekendes wat 5 vakke en 3% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende matriekseuns wat 2 vakke op die hoërgraad neem, waarskynlik die onderwys as loop= baan kies. Beide verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2).

Uit voorgaande kan afgelei word dat die onderwys besig is om rekrute uit die akademies swakker gehalte Transvaalse matriekseuns te trek, soos blyk uit die 8% van die populasie wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies wat 4 vakke en minder en die slegs 3% wat 5 tot 6 vakke - met geen Engelssprekendes in die 6-vakkategorie - op die hoërgraad neem.

Hierdie kommerwekkende gevolgtrekking word onderstreep en gesteun deur die feit dat 36% (kyk bylae 8, vraag 2.1 en 2.2) matriekseuns wat waarskynlik ander beroepe as die onderwys gaan beoefen en 42% (kyk bylae 6, vraag 2.1 en 2.2) van die totale populasie Transvaalse matriekseuns 5 tot 6 vakke op die hoërgraad neem (kyk ook par. 5.4.3 verderaan).

## TABEL 3

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN HULLE SKOLASTIESE PRESTASIE (BYLAE 7, VRAAG 3)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPREKENDES | TOTALE % AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANS=SPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE ENGELS=SPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 1 ± 0<br>2. 4 ± 0<br>3. 5 ± 1,0<br>4. 2 ± 0<br>5. 0 ± 0<br>6. 0 ± 0 | 1. 1 ± 0<br>2. 5 ± 1,0<br>3. 6 ± 1,0<br>4. 2 ± 0<br>5. 0 ± 0<br>6. 0 ± 0 | 1. 0 ± 0<br>2. 5 ± 0<br>3. 6 ± 1,0<br>4. 2 ± 0<br>5. 0 ± 0<br>6. 0 ± 0 | 1. 0 ± 0<br>2. 3 ± 1,4<br>3. 5 ± 2,4<br>4. 1 ± 1,0<br>5. 0 ± 0<br>6. 0 ± 0 | 1. 0 ± 0<br>2. 2 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0<br>6. 0 ± 0 |
| TOTALE % ENGELS=SPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 2 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 1 ± 0<br>5. 0 ± 0<br>6. 0 ± 0 | | 1. 1[1)]<br>2. 3*<br>3. 4*<br>4. 1<br>5. 0<br>6. 0 | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 2 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0<br>6. 0 ± 0 | | | 1. 0<br>2. 3*<br>3. 4*<br>4. 2**<br>5. 0<br>6. 0 | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 1 ± 0<br>2. 2 ± 0<br>3. 4 ± 0<br>4. 3 ± 3,3<br>5. 0 ± 0<br>6. 0 ± 0 | | | | 1. 0<br>2. 1<br>3. 1<br>4. 2<br>5. 0<br>6. 0 | 1. 1<br>2. 0<br>3. 2**<br>4. 3<br>5. 0<br>6. 0 |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 3 ± 1,4<br>3. 5 ± 2,4<br>4. 1 ± 1,0<br>5. 0 ± 0<br>6. 0 ± 0 | | | 1. 0<br>2. 2<br>3. 1<br>4. 1<br>5. 0<br>6. 0 | | |

1. Onder 40%.
2. 40% - 49%.
3. 50% - 59%.
4. 60% - 69%.
5. 70% - 79%.
6. Bo 80%.

1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.
* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).
** Beduidende verskil op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

5.4.3 Ontleding van die skolastiese prestasie van die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies (kyk tabel 3)

Tabel 3 toon dat 1% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns wat onder 40%; 4% wat tussen 40% en 49%; 5% wat tussen 50% en 59%; 2% wat tussen 60% en 69% en 'n onbeduidende persentasie wat bo 69% in hulle tweede termyneksamen be= haal het, waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies. Voorts sal waarskynlik 3% meer Afrikaans- as Engelssprekende matriekseuns in totaal en 3% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekendes wat tussen 40% en 49% behaal het; 4% meer Afrikaans- as Engelssprekendes in totaal en 4% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekendes wat tussen 50% en 59% in die tweede termyneksamen behaal het, waarskynlik die onderwys as loopbaan kies. Al bogenoemde verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2). Verder sal waarskynlik 2% meer platte= landse Engels- as stedelike Engelssprekende matriekseuns wat tussen 50% en 59% en 2% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekendes wat tussen 60% en 69% in hulle tweede termyneksamen behaal het, die onderwys as loopbaan kies. Albei verskille is beduidend op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

Die gevolgtrekking in paragraaf 5.4.2 hierbo, word gestaaf deur die feit dat 'n onbeduidende persentasie van die Transvaalse matriekseuns wat bo 69% in die tweede termyneksamen behaal het, waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies. Daar is trouens selfs 1% van die populasie Transvaalse matriekseuns wat onder 40% behaal het wat die onderwys as loopbaan wil kies. Dit val op dat 9% van die populasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies in hulle tweede termyneksamen tussen 40% en 59% behaal het. Daar moet opgelet word dat daar waarskynlik slegs 'n onbeduidende persentasie manlike rekrute tot die onderwys uit die hoër persentasiegroepe, naamlik 70% - 79% en bo 80%, sal wees en dat slegs 2% van die populasie wat tussen 60% - 69% in die tweede termyneksamen behaal het waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies.

Toekomstige leiers op onderwysgebied sal as gevolg hiervan waarskynlik geneem moet word uit 'n toekomstige onderwyserskorps wat beswaarlik aan die hoë eise, veral akademiese eise, wat aan leiers gestel word, sal voldoen. Volgens bylae 8, vraag 3, is daar onder diegene wat waarskynlik ander beroepe as die onderwys gaan volg, 8% van die populasie matriekseuns in die 70% en hoër kategorie waaruit die onderwys geen rekrute kon trek nie. Die klaarblyklik swakker aka= demiese potensiaal van sy waarskynlike manlike rekrute hou onmiskenbare gevare in ten opsigte van die vind van onderwysleiers, veral waar daar tans 'n groot premie geplaas word op akademiese kwalifikasies in bevorderingsposte. Hierdeur

TABEL 4

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN HULLE VADERS SE BETROKKENHEID BY DIE ONDERWYSBEROEP AL DAN NIE (BYLAE 7, VRAAG 4)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPRE=KENDES | TOTALE % AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANS=SPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE ENGELS=SPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 1 ± 0<br>2. 10 ± 1,0<br>3. 0 ± 0 | 1. 1 ± 0<br>2. 13 ± 1,7<br>3. 0 ± 0 | 1. 0 ± 0<br>2. 14 ± 2,2<br>3. 0 ± 0 | 1. 1 ± 0<br>2. 9 ± 3,3<br>3. 0 ± 0 | 1. 0 ± 0<br>2. 4 ± 0<br>3. 0 ± 0 |
| TOTALE % ENGELS=SPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 5 ± 1,0<br>3. 1 ± 0 | | 1. 1[1)]<br>2. 8*<br>3. 1 | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 4 ± 0<br>3. 0 ± 0 | | | 1. 0<br>2. 10*<br>3. 0 | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 10 ± 4,1<br>3. 0 ± 0 | | | | 1. 1<br>2. 1<br>3. 0 | 1. 0<br>2. 6<br>3. 0 |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 1 ± 0<br>2. 9 ± 3,3<br>3. 0 ± 0 | | | 1. 1<br>2. 5<br>3. 0 | | |

1. Vader is onderwyser.
2. Vader is nie onderwyser nie.
3. Vader was onderwyser.
1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.
* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).

word nie net departementshoofde, adjunkhoofde, hoofde, inspekteurs ensovoorts geraak nie - maar ook personeel van onderwyskolleges en selfs fakulteite van opvoedkunde wat ook per slot van rekening uit die manlike onderwyskorps put. Hierdie afleiding geld vir sowel die Afrikaans- as die Engelssprekendes.

5.4.4 Ontleding van die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies en die vader se betrok= kenheid by die onderwys (kyk tabel 4)

Tabel 4 toon dat 1% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns van wie die vader 'n onderwyser is en 10% van wie die vader nie 'n onderwyser is nie, waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies. Daar sal waarskynlik 'n onbeduidende persen= tasie wees van wie die vader 'n onderwyser was, d.w.s. van wie die vader die onderwysberoep verlaat het, wat die onderwys as loopbaan sal kies. Volgens tabel 4 sal waarskynlik 8% meer Afrikaans- as Engelssprekende en 10% meer stede= like Afrikaans- as stedelike Engelssprekende matriekseuns, wie se vader nie 'n onderwyser is nie, die onderwys as loopbaan kies. Dit is beduidende verskille op die 1%-peil (kyk par. 5.2). Dit is opvallend dat in die Engelse strata slegs 'n onbeduidende persentasie Transvaalse matriekseuns van wie die vader 'n onderwyser was, waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies en dat in alle strata slegs 'n onbeduidende persentasie van die Transvaalse matriekseuns wie se vader 'n onder= wyser was waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies.

Dit is uit die voorgaande duidelik dat daar waarskynlik beduidend meer Afrikaans- as Engelssprekende matriekseuns, wie se vaders nie onderwysers is nie tot die onderwys sal toetree. Hierdie beduidende verskil is by uitstek toe te skryf aan die beduidend groter belangstelling in die onderwys onder stedelike Afrikaans- sprekende matriekseuns wie se vaders nie onderwysers is nie. Dit is klaarblyk= lik noodsaaklik om weë en middele te vind om stedelike Engelssprekende matriek= seuns te motiveer om tot die onderwys toe te tree.

Dit is ook opvallend dat seuns wie se vaders om een of ander rede die onderwys verlaat het, waarskynlik beduidend minder geneë sal wees om tot die onderwys toe te tree as seuns wie se vaders nie onderwysers is nie. Belangrikste is egter die verskynsel dat daar waarskynlik beduidend meer Transvaalse matriekseuns tot die onderwys sal toe tree uit huise waar die vader nie 'n onderwyser is nie. Die afleiding moet noodwendig gemaak word dat beoefening van die onderwysberoep deur die vader nie 'n positiewe invloed uitoefen op die keuse deur sy seun van die onderwys as beroep nie en hierdie verskynsel is klaarblyklik nog groter in

## TABEL 5

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOP=BAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN HULLE MOEDERS SE BETROKKENHEID BY DIE ONDERWYSBEROEP AL DAN NIE (BYLAE 7, VRAAG 5)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPRE=KENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 11 ± 1,4<br>3. 0 ± 0 | TOTALE % AFRIKAANS=SPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 13 ± 1,7<br>3. 0 ± 0 | % STEDELIKE AFRIKAANS=SPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 14 ± 2,0<br>3. 0 ± 0 | % PLATTELANDSE AFRIKAANS=SPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 10 ± 4,0<br>3. 0 ± 0 | % STEDELIKE ENGELS=SPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 4 ± 0<br>3. 0 ± 0 |
|---|---|---|---|---|---|
| TOTALE % ENGELS=SPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 6 ± 1,0<br>3. 0 ± 0 | | 1. 0[1)]<br>2. 7*<br>3. 0 | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 4 ± 0<br>3. 0 ± 0 | | | 1. 0<br>2. 10*<br>3. 0 | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 10 ± 4,1<br>3. 0 ± 0 | | | | 1. 0<br>2. 0<br>3. 0 | 1. 0<br>2. 6<br>3. 0 |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 10 ± 4,0<br>3. 0 ± 0 | | | 1. 0<br>2. 4<br>3. 0 | | |

1. Moeder is onderwyseres.
2. Moeder is nie onderwyseres nie.
3. Moeder was onderwyseres.

1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.

* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).

gevalle waar die vader om een of ander rede die onderwysberoep verlaat het. Hierdie gebrek aan positiewe invloed kan en móét slegs deur die onderwyser in sy eie huis uitgeskakel word. Die verontrustende vraag word ook deur hierdie ooglopende verskynsel na vore gebring of onderwysers wat die geneentheid van hulle eie seuns om tot die onderwys toe te tree, bewus of onbewus, nie kan wek nie, ooit daarin kan slaag om ander mense se seuns in hulle klasse positief te beïnvloed om die onderwys as loopbaan te kies?

### 5.4.5 Ontleding van die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies en hul moeder se betrokkenheid by die onderwys (kyk tabel 5)

Tabel 5 toon dat 11% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns wie se moeders nie onderwyseresse is of ooit was nie waarskynlik die onderwys as loop=baan sal kies - en dit geld vir al die strata. Soos in die geval van seuns wie se vaders nie onderwysers is of ooit was nie, sal daar in totaal beduidend (1%-peil) 7% meer Afrikaans- as Engelssprekende en 10% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende matriekseuns tot die onderwys toetree. Dit is op=vallend dat waarskynlik slegs 'n onbeduidende persentasie Transvaalse matriekseuns wie se moeders onderwyseresse is of was die onderwys as loopbaan sal kies.

Ook hierdie faset van die ondersoek onderstreep die verskynsel dat Afrikaans=sprekende matriekseuns meer geneë is om tot die onderwys toe te tree as Engels=sprekendes en dat hierdie verskil feitlik uitsluitlik in die stedelike stratum setel.

Die geringe invloed van vaders wat onderwysers is of was op hulle eie seuns, om die onderwys as loopbaan te kies, kom nog sterker na vore by seuns wie se moeders onderwyseresse is of was. Dit val naamlik op dat slegs 'n onbeduidende persenta=sie Transvaalse matriekseuns wie se moeders onderwyseresse is of was van voorneme is om die onderwys as loopbaan te kies . Ook die invloed van moeders, wat onderwyseresse is of was, op die keuse van die onderwys as beroep deur hulle eie seuns, is neutraal, moontlik selfs negatief. 'n Ontsettende gedagte!

### 5.4.6 Ontleding van die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies ten opsigte van die mate van aanmoediging deur hulle ouers (kyk tabel 6)

Uit tabel 6 blyk dit dat 6% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns wat

TABEL 6

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOO BAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN DIE AANMOEDIGING WAT HULLE VAN HULLE OUERS ONTVANG HET (BYLAE 7, VRAAG 6)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPRE= KENDES | TOTALE % AFRIKAANS= SPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANS= SPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANS= SPREKENDES | % STEDELIKE ENGELS= SPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 6 ± 1,0<br>2. 5 ± 1,0<br>3. 0 ± 0 | 1. 8 ± 1,4<br>2. 5 ± 1,0<br>3. 0 ± 0 | 1. 8 ± 1,4<br>2. 5 ± 1,0<br>3. 0 ± 0 | 1. 6 ± 3,0<br>2. 3 ± 1,7<br>3. 0 ± 0 | 1. 1 ± 0<br>2. 3 ± 0<br>3. 0 ± 0 |
| TOTALE % ENGELS= SPREKENDES<br>1. 2 ± 0<br>2. 4 ± 1,0<br>3. 0 ± 0 | | 1. 6*[1)]<br>2. 1<br>3. 0 | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 1 ± 0<br>2. 3 ± 0<br>3. 0 ± 0 | | | 1. 7*<br>2. 2**<br>3. 0 | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 1 ± 1,0<br>2. 9 ± 3,0<br>3. 0 ± 0 | | | | 1. 5<br>2. 6<br>3. 0 | 1. 0<br>2. 6**<br>3. 0 |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 6 ± 3,0<br>2. 3 ± 1,7<br>3. 0 ± 0 | | | 1. 2<br>2. 2<br>3. 0 | | |

1. Aangemoedig.
2. Nie aangemoedig nie.
3. Ontmoedig.
1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.

* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).
** Beduidende verskil op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

deur hulle ouers aangemoedig is en 5% wat nie daadwerklik deur hulle ouers aan=gemoedig is nie, waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies. Dit val op dat waarskynlik geen seuns tot die onderwys sal toetree wat deur hulle ouers ontmoedig is nie. Ook ten opsigte van hierdie faset van die ondersoek staan die agterstand van die Engelssprekendes in totaal en veral van die stedelike stratum uit. Daar sal naamlik waarskynlik 6% meer Afrikaans- as Engelssprekendes in totaal en 7% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekendes wat deur hulle ouers aan=gemoedig is die onderwys as loopbaan kies. Beide verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2). Verder sal waarskynlik 2% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende en 6% meer plattelandse Engels- as stedelike Engels=sprekende matriekseuns, wat nie daadwerklik deur hulle ouers aangemoedig is nie, die onderwys as loopbaan kies. Beide verskille is beduidend op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

Dit blyk duidelik uit voorgaande dat ouerlike aanmoediging 'n positiewe invloed het op die keuse van die onderwys as beroep deur matriekseuns, aangesien $^6/_{11}$ (55%) van die seuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies deur hulle ouers aangemoedig is. Bylae 6, vraag 6 toon egter onmiskenbaar dat 80% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik nie tot die onderwys sal toe=tree nie, waarskynlik nie deur hulle ouers daadwerklik aangemoedig sal word om die onderwys as loopbaan te kies nie - en dat 2% van hierdie groep inderdaad deur hulle ouers ontmoedig sal word.

Dit val voorts op dat veral die stedelike Afrikaner sy matriekseun geredeliker aanmoedig om tot die onderwys toe te tree as sy Engelssprekende eweknie. Dit is in hierdie verband belangrik om daarop te let dat plattelandse Engelssprekende manlike matrikulante waarskynlik meer as stedelike Engelssprekendes geneë is om sonder ouerlike aanmoediging tot die onderwys toe te tree.

Hierdie faset van die ondersoek onderstreep die noodsaaklikheid daarvan dat die ouerhuis, en veral die Engelssprekende ouerhuis, se daadwerklike goedgesindheid teenoor die onderwys as beroep verkry moet word ten einde meer manlike rekrute vir die onderwys te werf.

### 5.4.7 Ontleding van die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies ten opsigte van die be=langrikste rede deur hulle daarvoor aangegee (kyk tabel 7)

Uit tabel 7 blyk dit dat 5% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns

## TABEL 7

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOP=BAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN DIE BELANGRIKSTE REDE VIR HULLE KEUSE (BYLAE 7, VRAAG 9)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPRE=KENDES | TOTALE % AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANS=SPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE ENGELS=SPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 1 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 0 ± 0<br>4. 1 ± 0<br>5. 3 ± 0<br>6. 5 ± 1,0 | 1. 2 ± 1,0<br>2. 1 ± 0<br>3. 0 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 4 ± 1,0<br>6. 7 ± 1,0 | 1. 0 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 0 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 4 ± 1,0<br>6. 8 ± 1,0 | 1. 3 ± 2,2<br>2. 0 ± 0<br>3. 0 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 3 ± 2,0<br>6. 3 ± 1,4 | 1. 1 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 0 ± 0<br>4. 1 ± 0<br>5. 1 ± 0<br>6. 1 ± 0 |
| TOTALE % ENGELS=SPREKENDES<br>1. 1 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 0 ± 0<br>4. 1 ± 0<br>5. 2 ± 0<br>6. 2 ± 0 | | 1. 1[1)]<br>2. 1<br>3. 0<br>4. 1<br>5. 2**<br>6. 5* | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 1 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 0 ± 0<br>4. 1 ± 0<br>5. 1 ± 0<br>6. 1 ± 0 | | | 1. 1<br>2. 0<br>3. 0<br>4. 1<br>5. 3*<br>6. 7* | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 1 ± 1,0<br>2. 0 ± 0<br>3. 0 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 3 ± 1,7<br>6. 5 ± 1,0 | | | | 1. 2<br>2. 0<br>3. 0<br>4. 1<br>5. 0<br>6. 2 | 1. 0<br>2. 0<br>3. 0<br>4. 0<br>5. 2<br>6. 4* |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 3 ± 2,2<br>2. 0 ± 0<br>3. 0 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 3 ± 2,0<br>6. 3 ± 1,4 | | | 1. 3<br>2. 0<br>3. 0<br>4. 0<br>5. 1<br>6. 5* | | |

1. Werksomstandighede.
2. Diensvoorwaardes.
3. Salaris.
4. Status.
5. Sekuriteit.
6. Geroepenheid.

1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.
* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).
** Beduidende verskil op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies omdat hulle geroepe voel; 3% omdat die beroep sekuriteit bied; 1% omdat die beroep status bied en 1% omdat die be= roep se werksomstandighede aantreklik beskou word. Dit val op dat daar waarskyn= lik slegs 'n onbeduidende persentasie van hulle sal wees wat salaris of diensvoor= waardes as belangrikste rede vir hulle keuse noem. Waarskynlik sal 5% meer Afrikaans- as Engelssprekende; 7% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engels= sprekende en 4% meer plattelandse Engels- as stedelike Engelssprekende matriek= seuns die onderwys as loopbaan kies, omdat hulle daartoe geroepe voel. Al die voorgaande verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2). Voorts sal 2% meer Afrikaans- as Engelssprekende matriekseuns waarskynlik die onderwys as loopbaan kies vanweë die sekuriteit wat die beroep bied. Laasgenoemde is 'n be= duidende verskil op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

Indien bylae 6, vraag 9, bylae 7, vraag 9 en bylae 8, vraag 9 vergelyk word, blyk dit dat roepingsbewustheid in al drie as belangrikste motiverende faktor oorheers ten opsigte van waarskynlike beroepskeuse en dat dit baie sterker figureer by die Afrikaans- as Engelssprekende strata (1%-peil). Dit kan derhalwe redelikerwyse gekonkludeer word dat roepingsbewustheid waarskynlik die vernaamste rede is waarom meer Transvaalse Afrikaans- as Engelssprekende matriekseuns tot die onderwys toetree.

Vergelyking van tabel 7 met bylae 6, vraag 9 toon dat diensvoorwaardes by Trans= vaalse matriekseuns klaarblyklik slegs in 'n geringe mate figureer as belangrikste rede by beroepskeuse aangesien waarskynlik slegs 6% (kyk bylae 6, vraag 9.2) dit as sodanig sal meld en dat 'n onbeduidende persentasie sal aandui dat dit die belangrikste rede vir hulle keuse van die onderwys is. 'n Tweede gevolgtrekking is dus dat diensvoorwaardes slegs 'n geringe positiewe invloed sal hê op die keuse van onderwys as 'n beroep deur Transvaalse matriekseuns.

Onderlinge vergelyking van tabel 7 en bylaes 6 en 8, vraag 9.3 toon dat salaris waarskynlik ook 'n ondergeskikte rol sal speel by die keuse van die onderwysbe= roep, aangesien dit slegs deur 'n onbeduidende persentasie matriekseuns aangedui is as belangrikste rede waarom hulle die onderwys as loopbaan kies, terwyl 12% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns salaris as belangrikste rede noem vir die keuse van 'n beroep (kyk bylae 6, vraag 9). 'n Derde gevolgtrek= king is dus dat die salaris van die onderwyser waarskynlik geringe positiewe invloed sal hê by die keuse van die onderwys as 'n beroep deur Transvaalse matriekseuns.

## TABEL 8

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN DIE STANDERD WAARIN HULLE WAS TOE DIE KEUSE GEMAAK IS (BYLAE 7, VRAAG 10)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPRE= KENDES | TOTALE % AFRIKAANS= SPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANS= SPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANS= SPREKENDES | % STEDELIKE ENGELS= SPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 1 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 0 ± 0<br>4. 2 ± 0<br>5. 3 ± 0<br>6. 5 ± 1,0 | 1. 1 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 1 ± 0<br>4. 2 ± 0<br>5. 4 ± 1,0<br>6. 6 ± 1,0 | 1. 0 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 0 ± 0<br>4. 2 ± 0<br>5. 3 ± 1,0<br>6. 6 ± 1,0 | 1. 0 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 0 ± 0<br>4. 1 ± 1<br>5. 3 ± 1,4<br>6. 4 ± 2,2 | 1. 0 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 0 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 1 ± 0<br>6. 2 ± 0 |
| TOTALE % ENGELS= SPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 0 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 2 ± 1,0<br>6. 3 ± 0 | | 1. 1[1)]<br>2. 0<br>3. 1<br>4. 2**<br>5. 2<br>6. 3* | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 0 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 1 ± 0<br>6. 2 ± 0 | | | 1. 0<br>2. 0<br>3. 0<br>4. 2**<br>5. 2**<br>6. 4* | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 1 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 0 ± 0<br>4. 1 ± 0<br>5. 5 ± 4,2<br>6. 3 ± 0 | | | | 1. 1<br>2. 0<br>3. 0<br>4. 0<br>5. 2<br>6. 1 | 1. 1<br>2. 0<br>3. 0<br>4. 1<br>5. 4<br>6. 1 |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 0 ± 0<br>4. 1 ± 1,0<br>5. 3 ± 1,4<br>6. 4 ± 2,2 | | | 1. 0<br>2. 0<br>3. 0<br>4. 1<br>5. 0<br>6. 2 | | |

1. Primêre skool.
2. Standerd 6.
3. Standerd 7.
4. Standerd 8.
5. Standerd 9.
6. Standerd 10.

1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.
* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).
** Beduidende verskil op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

'n Vierde gevolgtrekking kan gemaak word uit die verdere ontleding van tabel 7, naamlik dat sekuriteit by Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, in 'n redelike mate figureer as belangrikste rede by die keuse van die onderwys as loopbaan, aangesien dit die tweede belangrikste aan= moedigigende faktor is wat $^3/_{10}$ (30%) (Bylae 7, vraag 9.5) van hulle beïnvloed om die onderwys as loopbaan te kies (kyk ook par. 5.4.9).

5.4.8 Ontleding van die standerd waarin die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns was toe hulle besluit het om moontlik die onderwys as loopbaan te kies (kyk tabel 8)

Volgens tabel 8 sal 'n onbeduidende persentasie van die totale populasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, reeds in st. 6 of st. 7 dié keuse doen. Dit blyk verder dat 1% van die totale populasie reeds op die primêre skool; 2% in st. 8; 3% in st. 9 en 5% in st. 10 hulle keuse sal maak. Dit val ook op dat waarskynlik 3% meer Afrikaans- as Engelssprekende en 4% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende matriekseuns waar= skynlik in hulle matriekjaar die onderwys as loopbaan sal kies. Genoemde ver= skille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2). Voorts sal waarskynlik 2% meer Afrikaans- as Engelssprekende Transvaalse matriekseuns in st. 8 en 2% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekendes in st. 8 sowel as in st. 9 waarskynlik besluit om die onderwys as loopbaan te kies. Hierdie verskille is beduidend op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

Bylaes 6 en 8, vraag 10 dui ook daarop dat die grootste meerderheid seuns waar= skynlik in standerds 8 tot 10 tot beroepskeuse oorgaan; dog dat 'n redelike groot groep seuns (10%) (kyk bylae 6, vraag 10), reeds op die primêre skool redelike sekerheid het oor hulle toekomstige beroep.

Aangesien die meeste van die Transvaalse matriekseuns waarskynlik eers gedurende hulle laaste twee jare op skool sal besluit watter beroep hulle gaan volg, is dit noodsaaklik dat intensiewe voorligting en ook werwing van rekrute vir die onderwys in st. 9 en 10 moet plaasvind. Dit is egter ook duidelik dat voorligting en werwing 'n deurlopende gebeure moet wees wat reeds in die primêre skool in aanvang moet neem.

5.4.9 Samevatting betreffende persoonlike besonderhede

Die Transvaalse onderwysdepartement het vir 1978 'n kwota van 1 473 beurse vir manlike rekrute tot die onderwys beskikbaar gestel (T.O.D., 1977, Knobel). Dit verteenwoordig 14,1% van die populasie wat in 1977 in hierdie provinsie in matriek was (kyk par. 5.4.1 hierbo). Hierdie ondersoek is in 1977 onderneem en op grond van die statistiese verwerking van die responsies op die vraelyste is reeds in 1977 voorspel dat daar in 1978 waarskynlik slegs 11% $\pm$ 1% (kyk bylae 7, vraag 7.1) manlike rekrute gevind sal word. Hierdie voorspelling is - in weerwil van die sogenaamde gunstige ekonomiese klimaat vir rekrutering van onder= wysers - meer as bewaarheid, aangesien daar in 1978 slegs 1 170 (11,2%) van die betrokke populasie deur die Transvaalse onderwysdepartement gerekruteer is (kyk par. 5.4.1).

Waar die prognose vir die toetrede vir voldoende mans tot die onderwys swak is, is dit veral onrusbarend ten opsigte van manlike rekrute uit die Engelssprekende populasie, aangesien daar waarskynlik 8% minder uit laasgenoemde populasie gere= kruteer sal word as uit die Afrikaanssprekende bevolking (kyk par. 5.4.1).

Nie alleen is die toetrede van manlike rekrute tot die onderwys van so 'n geringe omvang dat dit ontoereikend is om die tekort aan mans in die onderwys te verlig nie, maar is hulle tans ook grotendeels van die swakker gehalte matriekseuns wat akademiese prestasie betref - soos blyk uit die 8% van die populasie Transvaalse matriekseuns wat 4 of minder vakke op die hoërgraad neem en die slegs 3% wat 5 tot 6 vakke op die hoërgraad neem (kyk par. 5.4.2) en wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies.

Die bogenoemde stelling, dat die manlike rekrute tot die onderwys waarskynlik grotendeels uit die geledere van diegene met swakker akademiese prestasies kom, word daardeur gestaaf dat slegs 'n onbeduidende persentasie van hulle in hulle tweede termyneksamen bo 70% gemiddeld behaal het, dat van die 11% wat waarskynlik gerekruteer sal word daar $^{9}/_{11}$ (81,8%) (kyk bylae 7, vraag 3.2 en 3.3) sal wees wat tussen 40% en 59% behaal het en $^{1}/_{11}$ (9,1%) wat onder 40% behaal het (kyk bylae 7, vraag 3.1).

Volgens paragraaf 5.4.4 is dit duidelik dat slegs 'n onbeduidende persentasie van die matriekseuns wie se vaders onderwysers was, en om een of ander rede die onder= wys verlaat het, se seuns waarskynlik tot die onderwys sal toetree en dat slegs $^{1}/_{11}$ (9,1%) (kyk bylae 7, vraag 4.1) wie se vaders onderwysers is waarskynlik

rekrute vir die onderwys sal wees. Die groot meerderheid toekomstige manlike rekrute vir die onderwys $^{10}/_{11}$ (90,9%) (kyk bylae 7, vraag 4.2) sal waarskynlik uit huise kom waar die vader nie aan die onderwys verbonde is nie. Dieselfde tendens geld vir seuns wie se moeders onderwyseresse is of was (kyk par. 5.4.5).

Volgens bylae 7 en 8, vraag 8 blyk dit dat, in dalende orde van belangrikheid, die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns die onderwys waarskynlik om die aangeduide redes kies en die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie, ander beroepe kies (kyk ook par. 5.4.7).

| Belangrikste rede | Geskatte persentasie Transvaalse matriek=seuns wat waarskynlik tot die onderwys sal toetree | Rang=orde | Geskatte persentasie Transvaalse matriek=seuns wat waarskynlik nie tot die onderwys sal toetree nie | Rang=orde |
|---|---|---|---|---|
| 1. Geroepeneheid | $^{5}/_{10}$ of 50%[1)] | 1 | $^{26}/_{81}$ of 32,1%[2)] | 1 |
| 2. Sekuriteit | $^{3}/_{10}$ of 30% | 2 | $^{17}/_{81}$ of 21,0% | 3 |
| 3. Werksomstandig=hede | $^{1}/_{10}$ of 10% | 3 | $^{18}/_{81}$ of 22,2% | 2 |
| 4. Status | $^{1}/_{10}$ of 10% | 4 | $^{4}/_{81}$ of 4,9% | 6 |
| 5. Diensvoorwaardes | 0 | 5 | $^{5}/_{81}$ of 6,2% | 5 |
| 6. Salaris | 0 | 5 | $^{11}/_{81}$ of 13,6% | 4 |

1) $^{5}/_{10}$ van die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies (kyk bylae 7, vraag 9) beweer dat roepings=bewustheid die belangrikste rede is waarom hulle die onderwys as loopbaan kies.

2) $^{26}/_{81}$ van die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie (kyk bylae 8, vraag 9) beweer dat roepingsbewustheid die belangrikste rede is waarom hulle 'n beroep gekies het.

Dit is veral opmerklik dat roepingsbewustheid deurgaans as belangrikste motiverende faktor oorheers ten opsigte van waarskynlike beroepskeuse, maar dat dit baie ster=ker figureer by die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik tot die onderwys sal toetree as by dié wat waarskynlik nie tot die onderwys sal toetree nie. Dit blyk verder dat roepingsbewustheid deurgaans baie sterker op die voorgrond tree by Afrikaans- as Engelssprekendes in die verskillende strata (kyk bylae 6, 7 en 8, vraag 9.6).

## 5.4.10 Ontleding van die mate waartoe die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies oor sommige van die eienskappe van die goeie onderwyser beskik

Volgens beskikbare literatuur (kyk par. 2.2.2.3; par. 2.2.4.1; par. 2.2.5.3.2; par. 2.2.5.3.3 en par. 4.4.1.1 hierbo) is die volgende van die vernaamste ken= merke van die goeie onderwyser: geduld, strengheid, dog regverdigheid, persoon= like netheid, die vermoë om vertroue in te boesem, stiptheid, liefde vir kinders, verdragsaamheid, sin vir humor, simpatieke optrede, selfbeheersing, die handha= wing van Christelike beginsels en selfvertroue.

Die volgende 12 tabelle het betrekking op bogenoemde kenmerke van die goeie onder= wyser. Met dit wat volg, sal gepoog word om vas te stel in welke mate Trans= vaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, moontlik oor genoemde eienskappe sal beskik. Uiteindelik sal gepoog word om hierdie eien= skappe in dalende orde van belangrikheid te rangskik (kyk par. 5.4.11).

### 5.4.10.1 Ontleding van die mate waartoe die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies oor geduld beskik (kyk tabel 9)

Dit blyk hieruit dat Transvaalse matriekseuns se eie oordeel oor hulle besit van genoemde eienskappe in direkte verhouding staan met hulle keuse van die onderwys as

loopbaan, want juis uit die strata waar respondente, volgens eie oordeel, ruim bedeeld is met genoemde eienskappe kom ooreenkomstig meer waarskynlike rekrute tot die onderwys.

5.4.12 Ontleding van die persoonlike ervaring van die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns uit die verskillende strata wat waarskyn=lik die onderwys as loopbaan sal kies, betreffende die onderwyser en die onderwysberoep

Die volgende 4 tabelle het betrekking op sekere indrukke wat Transvaalse matriek=seuns uit al die strata wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, gedu=rende hulle skoolloopbaan verkry het oor die onderwyser en die onderwysberoep. Daar word naamlik beoog om vas te stel of die onderwyser (man) as identifikasie=figuur dien of nie. Voorts sal gepoog word om vas te stel of hulle die onderwys=beroep sien as dié van die man of van 'n dame en of hulle op hoogte is met die voor- en nadele van die beroep.

5.4.12.1 Ontleding van die positiewe indruk wat Transvaalse onderwysers (mans) op die geskatte persentasie matriekseuns maak wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies (kyk tabel 21).

Volgens tabel 21 blyk dit dat 9% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns en wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, volgens hulle eie oordeel, so deur 'n onderwyser beïndruk is dat hulle graag sy voorbeeld as mens sou wou volg, terwyl 2% nie sodanig beïndruk is nie. Voorts sal waarskynlik 6% meer Afrikaans- as Engelssprekende; 6% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende en 3% meer plattelandse Engels- as stedelike Engelssprekende matriekseuns so deur 'n onderwyser beïndruk word dat hulle graag sy voorbeeld as mens sou wou volg. Al bogenoemde verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2). Verder sal waar=skynlik 2% meer Afrikaans- as Engelssprekende; 2% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende en 2% meer stedelike Afrikaans- as plattelandse Afrikaans=sprekende matriekseuns nie positief beïndruk word deur onderwysers (mans) nie. Laasgenoemde verskille is beduidend op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

Tabel 21 dui daarop dat diegene wat waarskynlik tot die onderwys sal toetree moontlik aanspraak kan maak op veel ruimer positiewe beïnvloeding deur manlike onderwysers, $^{9}/_{11}$ (81,8%), as die populasie as 'n geheel (49,9%) (kyk bylae 6, vraag 23.1) en as diegene wat waarskynlik nie tot die onderwys sal toetree nie, $^{36}/_{83}$ (43,4%) (kyk bylae 8, vraag 23.1). Die feit dat 81,8% van die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die

## TABEL 21

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN DIE POSITIEWE INDRUK WAT ONDERWYSERS (MANS) OP HULLE GEMAAK HET (BYLAE 7, VRAAG 23).

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPREKENDES | TOTALE % AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANS=SPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE ENGELS=SPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 9 ± 1,0<br>2. 2 ± 0 | 1. 11 ± 1,4<br>2. 3 ± 0 | 1. 10 ± 1,7<br>2. 3 ± 0 | 1. 9 ± 4,1<br>2. 1 ± 1,0 | 1. 4 ± 0<br>2. 1 ± 0 |
| TOTALE % ENGELS=SPREKENDES<br>1. 5 ± 0<br>2. 1 ± 0 | | 1. 6[1]*<br>2. 2** | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 4 ± 0<br>2. 1 ± 0 | | | 1. 6*<br>2. 2** | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 7 ± 1,0<br>2. 3 ± 3,3 | | | | 1. 2<br>2. 2 | 1. 3*<br>2. 2 |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 9 ± 4,1<br>2 1 ± 1,0 | | | 1. 1<br>2. 2** | | |

1. Onderwysers (mans) het seuns positief beïndruk.
2. Onderwysers (mans) het seuns nie positief beïndruk nie.
1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.
* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).
** Beduidende verskil op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

onderwys as loopbaan sal kies, bevestig dat hulle positief by hulle beroeps=keuse deur 'n onderwyser beïndruk is, spreek boekdele vir dié onderwyser wat sy roeping vervul. Die voorbeeld wat hy ten opsigte van die onderwys verbeeld, is beslis positief. Kommerwekkend is die waarskynlike, $^{47}/_{83}$ (56,6%) (bylae 8, vraag 23.2), Transvaalse matriekseuns wat nie die onderwys as loopbaan sal kies nie en die 51% in die populasie as 'n geheel (bylae 6, vraag 23.2) wat bevestig dat hulle nie positief deur hulle onderwysers beïndruk is nie. Die onderwyser sal ongetwyfeld aandag móét skenk aan sy beeld as beroepsmens vir sy leerlinge en veral vir die seuns op skool. Dit sal waarskynlik 'n groot positiewe bydrae lewer by die werwing van seuns vir die onderwys.

Dit is verder duidelik dat 'n veel groter persentasie Afrikaans- as Engelssprekende Transvaalse matriekseuns in die verskillende strata onderwysers sal teëkom wat hulle positief beïndruk. Dit is waarskynlik dat heelwat van die onderwysers aan Transvaalse Engelsmedium sekondêre skole in die verskillende strata nie 'n positiewe beeld as beroepsmanne in die oë van hulle manlike leerlinge, voorhou nie. Dit is moontlik een van die redes waarom minder Engels- as Afrikaans=sprekende seuns die onderwys as loopbaan kies. Onderwysers aan Engelsmedium sekondêre skole sal derhalwe veel meer aandag moet skenk aan hulle beeld as professionele manne.

5.4.12.2 Ontleding van die negatiewe indruk wat Transvaalse onderwysers(mans) op matriekseuns maak wat waarskynlik die onderwys as loopgaan sal kies (kyk tabel 22)

Tabel 22 toon dat 5% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns en wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, volgens eie oordeel,'n onderwyser teëgekom het wat hulle negatief beïndruk het, terwyl 6% nie sodanig beïndruk is nie. Voorts sal waarskynlik 3% meer Afrikaans- as Engelssprekende; 5% meer stede=like Afrikaans- as stedelike Engelssprekende en 4% meer plattelandse Engels- as stede=like Engelssprekende matriekseuns moontlik 'n onderwyser teëkom wie se voorbeeld hulle 'n teësin in die onderwys sal gee, terwyl 4% meer Afrikaans- as Engelsspre=kendes en 5% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekendes moontlik nie so 'n onderwyser sal teëkom nie. Al bogenoemde verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2). Verder sal waarskynlik 3% meer stedelike Afrikaans- as plattelandse Afrikaanssprekendes moontlik 'n onderwyser teëkom wat hulle nega=tief beïndruk. Laasgenoemde verskil is beduidend op die %5-peil (kyk par. 5.2).

## TABEL 22

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN DIE NEGATIEWE INDRUK WAT ONDERWYSERS (MANS) OP HULLE GEMAAK HET (BYLAE 7, VRAAG 24)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPRE= KENDES<br>1. 5 ± 0<br>2. 6 ± 1,0 | TOTALE % AFRIKAANS= SPREKENDES<br>1. 6 ± 1,0<br>2. 7 ± 1,4 | % STEDELIKE AFRIKAANS= SPREKENDES<br>1. 7 ± 1,0<br>2. 7 ± 1,0 | % PLATTELANDSE AFRIKAANS= SPREKENDES<br>1. 4 ± 1,0<br>2. 6 ± 3,0 | % STEDELIKE ENGELS= SPREKENDES<br>1. 2 ± 0<br>2. 2 ± 0 |
|---|---|---|---|---|---|
| TOTALE % ENGELS= SPREKENDES<br>1. 3 ± 0<br>2. 3 ± 0 | | 1. 3[1)]*<br>2. 4* | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 2 ± 0<br>2. 2 ± 0 | | | 1. 5*<br>2. 5* | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 6 ± 1,0<br>2. 4 ± 3,0 | | | | 1. 2<br>2. 2 | 1. 4*<br>2. 2 |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 4 ± 1,0<br>2 6 ± 3,0 | | | 1. 3**<br>2. 1 | | |

1. Persentasie matriekseuns wat deur 'n onderwyser negatief beïndruk is.
2. Persentasie matriekseuns wat nie deur 'n onderwyser negatief beïndruk is nie.

1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.

* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).

** Beduidende verskil op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

Tabel 22 dui daarop dat diegene wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies moontlik aanspraak kan maak op 'n geringer negatiewe beïnvloeding deur manlike onderwysers, $^{5}/_{11}$(45,5%), as die populasie as 'n geheel (57%) (kyk bylae 6, vraag 24.1) en as diegene wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie, $^{48}/_{82}$ (58,5%) (kyk bylae 8, vraag 24.1). Hierdie gegewens bevestig die bevinding in par. 5.4.10.1 dat daar sommige manlike onderwysers is wat sodanige professionele beeld het dat groot persentasies seuns negatief staan teenoor die onderwys as be= roep en dat hierdie toestand erger is by Afrikaans- as by Engelsmediumskole. Dit is moontlik een van die redes waarom slegs 11% $\pm$ 1% (kyk bylae 6, vraag 7.1) Transvaalse matriekseuns die onderwys as loopbaan sal kies en dit is 'n saak wat veral aan Afrikaansmediumskole ernstige aandag verg.

5.4.12.3 Ontleding van die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies se opvatting oor die onderwys as beroep vir mans, dames of albei (kyk tabel 23)

Ontleding van hierdie tabel toon dat 10% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns en wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, volgens hulle eie oordeel,van mening is dat die onderwys 'n beroep vir mans en dames is, terwyl nie een van hulle beweer dat dit net vir mans of net vir dames bedoel is nie. Voorts sal waarskynlik 7% meer Afrikaans- as Engelssprekende en 9% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende matriekseuns waarskynlik die mening huldig dat die onderwys 'n beroep vir mans sowel as dames is. Beide verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2).

Tabel 23 dui daarop dat $^{10}/_{10}$ (100%) van diegene wat waarskynlik tot die onderwys sal toetree van mening is dat die onderwys 'n beroep vir mans en dames is, teenoor die 88% (bylae 6, vraag 25.3) van die populasie as 'n geheel en die $^{71}/_{82}$ (86,5%) (bylae 8, vraag 25.3) van diegene wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie. Dit blyk verder dat daar van die populasie as 'n geheel sowel as onder diegene wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie respek= tiewelik slegs 9% en 11% is wat sê dat die onderwys 'n vrou se beroep is (kyk by= lae 6 en 8, vraag 25.2).

Uit voorgaande blyk dit baie duidelik dat Transvaalse matriekseuns waarskynlik in al die strata oorwegend van mening sal wees dat die onderwys 'n beroep vir sowel die man as die dame is en nie 'n beroep vir die man of dame alleen nie. In die populasie as 'n geheel en onder diegene wat nie tot die onderwys gaan toetree nie

## TABEL 23

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN HULLE OPVATTING OF DIE ONDERWYS 'N BEROEP VIR MANS, DAMES OF ALBEI IS (BYLAE 7, VRAAG 25)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPRE= KENDES | TOTALE % AFRIKAANS= SPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANS= SPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANS= SPREKENDES | % STEDELIKE ENGELS= SPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 0 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 10 ± 1,0 | 1. 1 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 13 ± 1,7 | 1. 0 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 13 ± 2,0 | 1. 0 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 10 ± 3,7 | 1. 0 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 4 ± 0 |
| TOTALE % ENGELS= SPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 1 ± 0<br>3. 6 ± 1,0 | | 1. 1[1)]<br>2. 1<br>3. 7* | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 4 ± 0 | | | 1. 0<br>2. 0<br>3. 9* | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 10 ± 4,1 | | | | 1. 0<br>2. 0<br>3. 0 | 1. 0<br>2. 0<br>3. 6 |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 10 ± 3,7 | | | 1. 0<br>2. 0<br>3. 3 | | |

1. Onderwys is 'n beroep vir mans.
2. Onderwys is 'n beroep vir dames.
3. Onderwys is 'n beroeo vir mans en dames.
1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.
* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).

sal waarskynlik slegs respektiewelik 9% en 11% en onder die Engelssprekendes wat tot die onderwys toetree slegs 1% wees wat dit as 'n vroueberoep sien. Daar is volgens die resultate van hierdie ondersoek, in elke geval wat matriekseuns betref, geen grond vir die bewering dat die onderwys vandag hoofsaaklik as 'n vroueberoep beskou word nie. Hierdie bewering is onlangs deur prof. P. de Lange van die Randse Afrikaanse Universiteit (de Lange, 1978, p. 29) en prof. H. O. Maree van die Onderwyskollege, Potchefstroom (Maree, 1978, p. 9) gemaak, en word daar deur laasgenoemde beweer dat dit nog jare sal duur voordat dié beeld afgebreek sal word. Sulke negatiewe berigte kan beslis nie matriekseuns positief oriënteer teenoor die onderwys nie.

5.4.12.4 Ontleding van die omvang van inligting wat die geskatte persenta= sie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loop= baan sal kies oor die onderwys as moontlike loopbaan ontvang het (kyk tabel 24)

Hierdie tabel toon dat 10% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns en wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, volgens hulle eie oordeel, baie inligting oor die onderwys as moontlike loopbaan ontvang het; 1% het baie min inligting ontvang en 'n onbeduidende persentasie het geen inligting ontvang nie. Voorts sal waarskynlik 8% meer Afrikaans- as Engelsprekende; 10% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende en 5% meer plattelandse as stedelike Engeslsprekende matriekseuns deeglik ingelig word oor die onderwys as moontlike beroep. Al bogenoemde verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2).

Tabel 24 dui daarop dat diegene wat waarskynlik tot die onderwys sal toetree moontlik daarop kan aanspraak maak dat $^{10}/_{11}$(90,9%) van hulle deeglik ingelig is oor die onderwys as 'n moontlike beroep teenoor die 76% (kyk bylae 6, vraag 26.1) van die totale populasie en die $^{61}/_{82}$ (74,4%) (kyk bylae 8, vraag 26.1) van diegene wat waarskynlik nie tot die onderwys sal toetree nie.

Uit voorgaande is dit duidelik dat Afrikaanssprekendes wat wel tot die onderwys sal toetree waarskynlik in die algemeen beter ingelig is oor die onderwys as loopbaan as Engelssprekendes en veral stedelike Engelssprekendes. Hierin lê waarskynlik een verklaring vir die klein persentasie Engelsprekendes wat tot die onderwys toetree. Hieruit kan waarskynlik afgelei word dat beter voorlig= ting oor onderwys as beroep essensieel is aan alle skole, maar veral by Engelse skole en in sonderheid aan stedelike Engelse skole.

## TABEL 24

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN DIE INLIGTING WAT HULLE ONTVANG HET OOR DIE ONDERWYS AS 'N BEROEP (BYLAE 7, VRAAG 26)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPREKENDES | TOTALE % AFRIKAANSSPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANSSPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES | % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 10 ± 1,0<br>2. 0 ± 0<br>3. 1 ± 0 | 1. 12 ± 1,7<br>2. 0 ± 0<br>3. 1 ± 0 | 1. 13 ± 2,0<br>2. 0 ± 0<br>3. 0 ± 0 | 1. 10 ± 4,0<br>2. 0 ± 0<br>3. 0 ± 0 | 1. 3 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 1 ± 0 |
| TOTALE % ENGELSSPREKENDES<br>1. 4 ± 0<br>2. 1 ± 0<br>3. 1 ± 0 | | 1. 8[1]*<br>2. 1<br>3. 0 | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 3 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 1 ± 0 | | | 1. 10*<br>2. 0<br>3. 1 | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 8 ± 1,7<br>2. 0 ± 0<br>3. 2 ± 2,2 | | | | 1. 2<br>2. 0<br>3. 2 | 1. 5*<br>2. 0<br>3. 1 |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 10 ± 4,0<br>2. 0 ± 0<br>3. 0 ± 0 | | | 1. 3<br>2. 0<br>3. 0 | | |

1. Het baie inligting ontvang.
2. Het nie inligting ontvang nie.
3. Het baie min inligting ontvang.

1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.

* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).

### 5.4.13 Samevatting van Transvaalse matriekseuns se persoonlike ervaring op skool

Meer as die helfte van Transvaalse matriekseuns (51%) beweer dat hulle in hulle hele skoolloopbaan nie 'n onderwyser teëgekom het wat hulle so beïndruk het dat hulle graag sy voorbeeld as mens sou wou volg nie, terwyl 57% beweer dat hulle 'n onderwyser teëgekom het wat hulle 'n teësin in die onderwys gegee het (kyk par. 5.4.12.1 en 5.4.12.2). Dit is ook opvallend dat die Afrikaanssprekende matriek= seuns as groep in die verskillende strata meer positief deur onderwysers beïndruk is as die ooreenstemmende Engelssprekendes as groep, maar terselfdertyd ook meer onderwysers teëgekom het wat hulle 'n teësin in die onderwys gegee het (kyk ook bylae 6, 7 en 8, vraag 23 en 24).

Daar bestaan geen twyfel by die oorgrote meerderheid Transvaalse matriekseuns dat die onderwys 'n beroep vir beide mans en dames is nie. Dit blyk uit die 88% van die populasie as 'n geheel, 100% van dié wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies en 86,5% van diegene wat waarskynlik nie tot die onderwys sal toetree nie - wat die mening huldig dat die onderwys 'n beroep vir mans en dames is (kyk par. 5.4.12.3).

Diegene wat waarskynlik tot die onderwys sal toetree het meer inligting aangaande die onderwys as moontlike loopbaan ontvang (90,9%) as diegene wat waarskynlik nie tot die onderwys sal toetree nie (74,4%) en juis uit die strata waar respondente meer inligting ontvang het, kom meer waarskynlike rekrute tot die onderwys (kyk par. 5.4.12.4).

### 5.4.14 Ontleding van die faktore wat die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies moont= lik sal aanmoedig om die onderwys as loopbaan te kies

Die volgende 10 tabelle handel oor die mate waartoe sekere faktore waarskynlik Transvaalse matriekseuns sal beïnvloed om die onderwys as loopbaan te kies. Daar sal uiteindelik gepoog word om die faktore in orde van belangrikheid te rangskik (kyk par. 5.4.15).

#### 5.4.14.1 Ontleding van die mate waartoe die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies deur vakansies beïnvloed word (kyk tabel 25)

# TABEL 25

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN DIE MATE WAARTOE VAKANSIES HULLE DAARTOE SAL AANMOEDIG. (BYLAE 7, VRAAG 27)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPRE=KENDES | TOTALE % AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANS=SPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE ENGELS=SPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 1 ± 0<br>2. 3 ± 0<br>3. 5 ± 1,0<br>4. 1 ± 0<br>5. 1 ± 0 | 1. 1 ± 0<br>2. 3 ± 0<br>3. 6 ± 1,0<br>4. 1 ± 0<br>5. 1 ± 0 | 1. 0 ± 0<br>2. 4 ± 0<br>3. 6 ± 1,0<br>4. 1 ± 0<br>5. 1 ± 0 | 1. 3 ± 2,2<br>2. 1 ± 1,0<br>3. 5 ± 1,7<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | 1. 1 ± 0<br>2. 1 ± 0<br>3. 1 ± 0<br>4. 1 ± 0<br>5. 0 ± 0 |
| TOTALE % ENGELS=SPREKENDES<br>1. 1 ± 0<br>2. 1 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 1 ± 0<br>5. 0 ± 0 | | 1. 0[1)]<br>2. 2**<br>3. 4*<br>4. 0<br>5. 1 | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 1 ± 0<br>2. 1 ± 0<br>3. 1 ± 0<br>4. 1 ± 0<br>5. 0 ± 0 | | | 1. 1<br>2. 3*<br>3. 5*<br>4. 0<br>5. 1 | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 3 ± 0<br>2. 1 ± 1,0<br>3. 5 ± 2,6<br>4. 0 ± 0<br>5. 1 ± 0 | | | | 1. 0<br>2. 0<br>3. 0<br>4. 0<br>5. 1 | 1. 2**<br>2. 0<br>3. 4<br>4. 1<br>5. 1 |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 3 ± 2,2<br>2. 1 ± 1,0<br>3. 5 ± 1,7<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | | | 1. 3<br>2. 3*<br>3. 1<br>4. 1<br>5. 1 | | |

1. Baie hoë mate.
2. Hoë mate.
3. Redelike mate.
4. Geringe mate.
5. Glad nie.

1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.
* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).
** Beduidende verskil op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

Volgens tabel 25 blyk dit dat 1% van die totale populasie Transvaalse matriek= seuns en wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, volgens hulle eie oordeel, in 'n baie hoë mate deur vakansies beïnvloed word; 3% in 'n hoë mate; 5% in 'n redelike mate; 1% in 'n geringe mate en 1% glad nie. Voorts sal waar= skynlik 4% meer Afrikaans- as Engelssprekende; 5% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende in 'n redelike mate; 3% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende en 3% meer stedelike Afrikaans- as plattelandse Afrikaanssprekende matriekseuns in 'n hoë mate as gevolg van vakansies die onder= wys as loopbaan kies. Al bogenoemde verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2). Verder sal waarskynlik 2% meer Afrikaans- as Engelssprekende in 'n hoë mate en 2% meer plattelandse Engels- as stedelike Engelssprekende matriek= seuns in 'n baie hoë mate as gevolg van vakansies die onderwys as loopbaan kies. Beide verskille is beduidend op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

Tabel 25 dui daarop dat diegene wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies moontlik aanspraak kan maak op 'n geringer beïnvloeding deur vakansies, $^{4}/_{11}$ (36,4%)[1] (kyk ook bylae 7, vraag 27.1 en 27.2) as die populasie as 'n geheel (53%) (kyk bylae 6, vraag 27,1 en 27.2) en as diegene wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie, $^{46}/_{82}$ (56,1%)[2] (kyk bylae 8, vraag 27.1 en 27.2).

Dit blyk verder dat Afrikaanssprekendes as groep, volgens eie oordeel, waarskyn= lik gunstiger as Engelssprekendes as groep beïnvloed sal word deur vakansies. Dit geld ook vir stedelike Afrikaans- en stedelike Engelssprekendes, terwyl plattelandse Engelssprekendes waarskynlik gunstiger beïnvloed sal word as stedelike Engelssprekendes.

Dit blyk hieruit dat Transvaalse matriekseuns se eie oordeel oor die invloed van vakansies in direkte verband staan met hulle keuse van die onderwys as loopbaan, want juis uit die strata waar, volgens eie oordeel, die vakansie 'n positiewe invloed uitoefen, kom ook ooreenkomstig meer waarskynlike rekrute tot die onder= wys (kyk tabel 1). Dit is derhalwe baie waarskynlik dat die skoolvakansie wel 'n beduidende rol speel by die keuse van onderwys as beroep deur matriekseuns.

---

1) Tabel 25, baie hoë mate en hoë mate van totale persentasie Afrikaans- en Engelssprekendes word bymekaar getel. In tabel 26 tot 34 wat hierop volg is persentasies op dieselfde manier as hierbo bereken.

2) Bylae 8, vraag 27.1 en 27.2 se baie hoë mate en hoë mate word bymekaar getel en as persentasie uitgedruk.

## TABEL 26

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN DIE MATE WAARTOE DIE LENGTE VAN DIE WERKSDAG HULLE DAARTOE SAL AANMOEDIG (BYLAE 7, VRAAG 28)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPRE= KENDES | TOTALE % AFRIKAANS= SPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANS= SPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANS= SPREKENDES | % STEDELIKE ENGELS= SPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 1 ± 0<br>2. 4 ± 0<br>3. 4 ± 0<br>4. 2 ± 0<br>5. 1 ± 0 | 1. 1 ± 0<br>2. 4 ± 1,0<br>3. 5 ± 1,0<br>4. 2 ± 0<br>5. 1 ± 0 | 1. 0 ± 0<br>2. 4 ± 0<br>3. 5 ± 1,0<br>4. 2 ± 0<br>5. 1 ± 0 | 1. 2 ± 1,0<br>2. 4 ± 2,0<br>3. 3 ± 1,7<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | 1. 0 ± 0<br>2. 1 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 1 ± 0<br>5. 0 ± 0 |
| TOTALE % ENGELS= SPREKENDES<br>1. 1 ± 0<br>2. 2 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 1 ± 0<br>5. 0 ± 0 | | 1. 1[1)]<br>2. 2**<br>3. 3*<br>4. 1<br>5. 1 | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 1 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 1 ± 0<br>5. 0 ± 0 | | | 1. 0<br>2. 3*<br>3. 3*<br>4. 1<br>5. 1 | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 2 ± 0<br>2. 4 ± 1,4<br>3. 3 ± 1,7<br>4. 0 ± 0<br>5. 1 ± 0 | | | | 1. 0<br>2. 0<br>3. 0<br>4. 0<br>5. 1 | 1. 2**<br>2. 3**<br>3. 1<br>4. 1<br>5. 1 |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 2 ± 1,0<br>2. 4 ± 2,0<br>3. 3 ± 1,7<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | | | 1. 2**<br>2. 0<br>3. 2<br>4. 2**<br>5. 1 | | |

1. Baie hoë mate.
2. Hoë mate.
3. Redelike mate.
4. Geringe mate.
5. Glad nie.

1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.
* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).
** Beduidende verskil op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

5.4.14.2 Ontleding van die mate waartoe die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies deur die lengte van die werksdag beïnvloed word (kyk tabel 26)

Tabel 26 toon dat 1% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns en wat waar= skynlik die onderwys as loopbaan sal kies, volgens hulle eie oordeel, in 'n baie hoë mate deur die lengte van die werksdag aangemoedig word; 4% in 'n hoë mate; 4% in 'n redelike mate; 2% in 'n geringe mate en 1% glad nie. Voorts sal waar= skynlik 3% meer Afrikaans- as Engelssprekende; 3% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende in 'n redelike mate en 3% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende matriekseuns in 'n hoë mate as gevolg van die lengte van die werksdag die onderwys as loopbaan kies. Al bogenoemde verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2). Verder sal waarskynlik 2% meer platte= landse Afrikaans- as stedelike Afrikaanssprekende; 2% meer plattelandse Engels- as stedelike Engelssprekende in 'n baie hoë mate; 2% meer Afrikaans- as Engels= sprekende en 3% meer plattelandse Engels- as stedelike Engelssprekende in 'n hoë mate en 2% meer stedelike Afrikaans- as plattelandse Afrikaanssprekende matriek= seuns in 'n geringe mate as gevolg van die lengte van die werksdag die onderwys as loopbaan kies. Al laasgenoemde verskille is beduidend op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

Tabel 26 dui daarop dat diegene wat waarskynlik tot die onderwys sal toetree moontlik aanspraak kan maak op 'n geringer beïnvloeding deur die lengte van die werksdag, $^{5}/_{11}$ (45,5%), as die populasie as 'n geheel (53%) (kyk bylae 6, vraag 28.1 en 28.2) en as diegene wat waarskynlik nie tot die onderwys sal toetree nie, $^{44}/_{83}$ (53%) (kyk bylae 8, vraag 28.1 en 28.2).

Dit blyk verder dat, volgens eie oordeel, die Afrikaanssprekendes as groep waar= skynlik gunstiger beïnvloed sal word deur die lengte van die werksdag as Engelssprekendes as groep. Dit geld ook vir stedelike Afrikaans- en stedelike Engelssprekendes, terwyl die plattelandse Engelssprekendes waarskynlik gunstiger hierdeur beïnvloed sal word as stedelike Engelssprekendes.

Dit blyk hieruit, volgens Transvaalse matriekseuns se eie oordeel, dat die lengte van die skoolwerksdag soos hulle dit visualiseer, in direkte verband staan met hulle toetrede tot die onderwys, want juis uit die strata waar, volgens eie oor= deel, die lengte van die werksdag 'n sterker invloed uitoefen, kom ook ooreenkom= stig meer waarskynlike rekrute tot die onderwys (kyk tabel 1).

# TABEL 27

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN DIE MATE WAARTOE WERKSOMSTANDIGHEDE HULLE DAARTOE SAL AANMOEDIG (BYLAE 7, VRAAG 29)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPRE=KENDES | TOTALE % AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANS=SPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE ENGELS=SPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 3 ± 0<br>2. 5 ± 1,0<br>3. 2 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | 1. 4 ± 1,0<br>2. 6 ± 1,0<br>3. 2 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | 1. 4 ± 0<br>2. 7 ± 1,0<br>3. 2 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | 1. 4 ± 2,8<br>2. 4 ± 1,7<br>3. 1 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | 1. 1 ± 0<br>2. 2 ± 0<br>3. 1 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 |
| TOTALE % ENGELS=SPREKENDES<br>1. 1 ± 0<br>2. 2 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | | 1. 3[1)]*<br>2. 4*<br>3. 0<br>4. 0<br>5. 0 | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 1 ± 0<br>2. 2 ± 0<br>3. 1 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | | | 1. 3*<br>2. 5*<br>3. 1<br>4. 0<br>5. 0 | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 2 ± 0<br>2. 4 ± 1,4<br>3. 3 ± 3,3<br>4. 0 ± 0<br>5. 1 ± 0 | | | | 1. 2<br>2. 0<br>3. 2<br>4. 0<br>5. 1 | 1. 1<br>2. 2<br>3. 2<br>4. 0<br>5. 1 |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 4 ± 2,8<br>2. 4 ± 1,7<br>3. 1 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | | | 1. 0<br>2. 3<br>3. 1<br>4. 0<br>5. 0 | | |

1. Baie hoë mate.
2. Hoë mate.
3. Redelike mate.
4. Geringe mate.
5. Glad nie.

1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.
* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).

# TABEL 28

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN DIE MATE WAARTOE SALARIS HULLE DAARTOE SAL AANMOEDIG (BYLAE 7, VRAAG 30)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPRE=KENDES | TOTALE % AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANS=SPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE ENGELS=SPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 0 ± 0<br>2. 1 ± 0<br>3. 4 ± 0<br>4. 3 ± 0<br>5. 2 ± 0 | 1. 0 ± 0<br>2. 2 ± 0<br>3. 5 ± 1,0<br>4. 4 ± 1,0<br>5. 2 ± 0 | 1. 0 ± 0<br>2. 1 ± 0<br>3. 6 ± 1,0<br>4. 3 ± 0<br>5. 2 ± 0 | 1. 0 ± 0<br>2. 2 ± 1,4<br>3. 3 ± 1,4<br>4. 4 ± 1,7<br>5. 1 ± 0 | 1. 0 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 1 ± 0<br>4. 1 ± 0<br>5. 0 ± 0 |
| TOTALE % ENGELS=SPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 2 ± 0<br>5. 2 ± 0 | | 1. 0 1)<br>2. 2**<br>3. 3*<br>4. 2**<br>5. 0 | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 1 ± 0<br>4. 1 ± 0<br>5. 0 ± 0 | | | 1. 0<br>2. 1<br>3. 5*<br>4. 2**<br>5. 2** | | |
| & PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 1 ± 0<br>3. 6 ± 3,9<br>4. 2 ± 0<br>5. 1 ± 0 | | | | 1. 0<br>2. 1<br>3. 3<br>4. 2<br>5. 0 | 1. 0<br>2. 1<br>3. 5<br>4. 1<br>5. 1 |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 2 ± 1,4<br>3. 3 ± 1,4<br>4. 4 ± 1,7<br>5. 1 ± 0 | | | 1. 0<br>2. 1<br>3. 3<br>4. 1<br>5. 1 | | |

1. Baie hoë mate.
2. Hoë mate.
3. Redelike mate.
4. Geringe mate.
5. Glad nie.

1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.
* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).
** Beduidende verskil op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

5.4.14.3 Ontleding van die mate waartoe die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies deur die werksomstandighede beïnvloed word (kyk tabel 27)

Ontleding van hierdie tabel toon dat 3% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns en wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, volgens hulle eie oordeel, in 'n baie hoë mate deur die werksomstandighede aangemoedig word; 5% in 'n hoë mate; 2% in 'n redelike mate en 'n onbeduidende persentasie van hulle in 'n geringe mate of glad nie aangemoedig sal word nie. Voorts sal waarskynlik 3% meer Afrikaans- as Engelssprekende en 3% meer stedelike Afrikaans- as stede= like Engelssprekende in 'n baie hoë mate; 4% meer Afrikaans- as Engelssprekende en 5% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende matriekseuns in 'n hoë mate die onderwys as loopbaan kies as gevolg van die werksomstandighede. Al bogenoemde verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2).

Tabel 27 toon dat diegene wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies moont= lik gunstiger beïnvloed word deur werksomstandighede, soos hulle dit visualiseer, $^{8}/_{11}$ (72,7%), as die populasie as 'n geheel (42%) (kyk bylae 6, vraag 29.1 en 29.2) en as diegene wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie, $^{29}/_{82}$ (35,4%) (kyk bylae 8, vraag 29.1 en 29.2).

Dit blyk verder dat, volgens eie oordeel, die Afrikaansprekendes as groep waar= skynlik sterker deur werksomstandighede beïnvloed sal word as die Engelssprekendes as groep. Dieselfde geld vir stedelike Afrikaans- en stedelike Engelssprekendes. Dit blyk hieruit dat die populasie Transvaalse Afrikaanssprekende matriekseuns en veral stedelike Afrikaanssprekendes se eie oordeel oor die invloed van werks= omstandighede in direkte verband staan met hulle keuse van die onderwys as loop= baan, want juis uit die strata waar, volgens eie oordeel, die werksomstandighede 'n sterker invloed uitoefen, kom ook ooreenkomstig meer waarskynlike rekrute tot die onderwys (kyk tabel 1).

5.4.14.4 Ontleding van die mate waartoe die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies deur salaris beïnvloed word (kyk tabel 28)

Hierdie tabel toon dat 'n onbeduidende persentasie van die totale populasie Trans= vaalse matriekseuns en wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, volgens eie oordeel, in 'n baie hoë mate deur die salaris aangemoedig word; 1% in 'n hoë mate; 4% in 'n redelike mate; 3% in 'n geringe mate en 2% glad nie. Voorts sal

# TABEL 29

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN DIE MATE WAARTOE DIE STATUS VAN DIE ONDER=WYSER HULLE DAARTOE SAL AANMOEDIG (BYLAE 7, VRAAG 31)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPRE=KENDES | TOTALE % AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANS=SPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE ENGELS=SPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 0 ± 0<br>2. 3 ± 0<br>3. 4 ± 0<br>4. 3 ± 0<br>5. 1 ± 0 | 1. 1 ± 0<br>2. 3 ± 1,0<br>3. 5 ± 1,0<br>4. 4 ± 0<br>5. 1 ± 0 | 1. 0 ± 0<br>2. 2 ± 0<br>3. 5 ± 0<br>4. 4 ± 0<br>5. 1 ± 0 | 1. 0 ± 0<br>2. 3 ± 2,2<br>3. 3 ± 1,4<br>4. 2 ± 1,4<br>5. 1 ± 0 | 1. 0 ± 0<br>2. 1 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 |
| TOTALE % ENGELS=SPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 2 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 1 ± 0 | | 1. 1[1)]<br>2. 1<br>3. 3*<br>4. 4*<br>5. 0 | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 1 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | | | 1. 0<br>2. 1<br>3. 3*<br>4. 4*<br>5. 1 | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 3 ± 1,0<br>3. 2 ± 2,2<br>4. 1 ± 1,0<br>5. 4 ± 1,4 | | | | 1. 0<br>2. 0<br>3. 1<br>4. 1<br>5. 3** | 1. 0<br>2. 2**<br>3. 0<br>4. 1<br>5. 4* |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 3 ± 2,2<br>3. 3 ± 1,4<br>4. 2 ± 1,4<br>5. 1 ± 0 | | | 1. 0<br>2. 1<br>3. 2<br>4. 2<br>5. 0 | | |

1. Baie hoë mate.
2. Hoë mate.
3. Redelike mate.
4. Geringe mate.
5. Glad nie.

1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.
* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).
** Beduidende verskil op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

waarskynlik 3% meer Afrikaans- as Engelssprekendes en 5% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekendes in 'n redelike mate deur salaris aangemoedig word om die onderwys as loopbaan te kies. Beide verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2). Verder sal waarskynlik 2% meer Afrikaans- as Engelsspre=kende in 'n hoë mate; 2% meer Afrikaans- as Engelssprekende in 'n geringe mate; 2% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende in 'n geringe mate en 2% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende matriekseuns glad nie deur salaris aangemoedig word om die onderwys as loopbaan te kies nie. Laasge=noemde verskille is beduidend op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

Tabel 28 toon dat diegene wat waarskynlik tot die onderwys sal toetree moontlik in 'n geringer mate beïnvloed word deur salaris, $^{1}/_{10}$ (10,0%), as die populasie as 'n geheel (21%) (kyk bylae 6, vraag 30.1 en 30.2) en as diegene wat waarskynlik nie tot die onderwys sal toetree nie, $^{19}/_{83}$ (22,9%) (kyk bylae 8, vraag 30.1 en 30.2). Verdere ontleding toon dat 53% van die totale populasie (kyk bylae 6, vraag 30.4 en 30.5), $^{5}/_{10}$ (50,0%) (kyk tabel 28) van diegene wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies en $^{45}/_{83}$ (54,2%) (kyk bylae 8, vraag 30.4 en 30.5) van diegene wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie in 'n geringe mate of glad nie deur salaris aangemoedig sal word om die onderwys as loopbaan te kies nie. Dit kom moontlik daarop neer dat sommige Transvaalse matriekseuns waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies ten spyte van die salaris daaraan verbonde! Dit val ook op dat Afrikaanssprekendes waarskynlik die salaris van onderwysers meer aanloklik vind as hulle Engelssprekende eweknie - moontlik omdat laasgenoemde groter toegang tot meer lonende beroepe het.

5.4.14.5 Ontleding van die mate waartoe die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies deur status beïnvloed word (kyk tabel 29)

Volgens tabel 29 blyk dit dat 'n onbeduidende persentasie van die totale populasie Transvaalse matriekseuns en wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, volgens hulle eie oordeel, in 'n baie hoë mate daartoe deur die status van die onderwyser aangemoedig word, 3% in 'n hoë mate; 4% in 'n redelike mate; 3% in 'n geringe mate en 1% glad nie. Voorts sal waarskynlik 3% meer Afrikaans- as Engelssprekende; 3% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende in 'n redelike mate; 4% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende matriekseuns in 'n geringe mate en 4% meer plattelandse as stedelike Engelsspre=kendes glad nie deur die status van die onderwyser aangemoedig word om die onderwys as loopbaan te kies nie. Al bogenoemde verskille is beduidend op die

# TABEL 30

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN DIE MATE WAARTOE ROEPINGSBEWUSTHEID HULLE DAARTOE SAL AANMOEDIG (BYLAE 7, VRAAG 32)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPRE= KENDES | TOTALE % AFRIKAANS= SPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANS= SPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANS= SPREKENDES | % STEDELIKE ENGELS= SPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 4 ± 0<br>2. 4 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | 1. 6 ± 1,0<br>2. 5 ± 1,0<br>3. 2 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | 1. 8 ± 1,0<br>2. 5 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | 1. 4 ± 2,0<br>2. 4 ± 2,0<br>3. 2 ± 1,0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | 1. 0 ± 0<br>2. 2 ± 0<br>3. 1 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 |
| TOTALE % ENGELS= SPREKENDES<br>1. 1 ± 0<br>2. 2 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 1 ± 0 | | 1. 5[1)]*<br>2. 3*<br>3. 0<br>4. 0<br>5. 1 | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 2 ± 0<br>3. 1 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | | | 1. 8*<br>2. 3*<br>3. 1<br>4. 0<br>5. 0 | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 3 ± 0<br>2. 2 ± 0<br>3. 3 ± 1,7<br>4. 0 ± 0<br>5. 2 ± 2,2 | | | | 1. 1<br>2. 2<br>3. 1<br>4. 0<br>5. 2 | 1. 3*<br>2. 0<br>3. 2<br>4. 0<br>5. 2 |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 4 ± 2,0<br>2. 4 ± 2,0<br>3. 2 ± 1,0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | | | 1. 4<br>2. 1<br>3. 0<br>4. 0<br>5. 0 | | |

1. Baie hoë mate.
2. Hoë mate.
3. Redelike mate.
4. Geringe mate.
5. Glad nie.

1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.
* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).

1%-peil (kyk par. 5.2). Verder sal waarskynlik 2% meer plattelandse Engels- as stedelike Engelssprekendes in 'n hoë mate en 3% meer plattelandse Engels- as plattelandse Afrikaanssprekendes glad nie deur die status van die onderwyser aangemoedig word om die onderwys as loopbaan te kies nie. Beide verskille is beduidend op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

Tabel 29 toon dat diegene wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies moont= lik meer deur die status van die onderwyser beïnvloed word by hul beroepskeuse, $^{3}/_{11}$ (27,3%), as die populasie as 'n geheel (20%) (kyk bylae 6, vraag 31.1 en 31.2) en as diegene wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie, $^{15}/_{82}$ (18,3%) (kyk bylae 8, vraag 31.1 en 31.2). Verdere ontleding toon dat 45% van die totale populasie (kyk bylae 6, vraag 31.4 en 31.5), $^{4}/_{11}$ (36,6%) van diegene wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies (kyk tabel 29) en $^{39}/_{82}$ (47,6%) van diegene wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie (kyk bylae 8, vraag 31.4 en 31.5) in 'n geringe mate of glad nie deur die status van die onderwyser aangemoedig sal word om die onderwys as loopbaan te kies nie. Dit kom in wese daarop neer dat 'n relatief hoë persentasie Transvaalse matriekseuns hulle nie deur die status van die onderwyser - hoe hulle dit ookal sien - laat beïnvloed om die onderwys as loopbaan te kies nie. In geheel gesien is dit egter duidelik dat dit wat onder status verstaan word, nie 'n besonder sterk beïnvloedende faktor is by die keuse van die onderwysberoep nie.

5.4.14.6 Ontleding van die mate waartoe die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies deur roepingsbewustheid beïnvloed word (kyk tabel 30)

Tabel 30 toon dat 4% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns en wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, volgens hulle eie oordeel, in 'n baie hoë mate deur roepingsbewustheid beïnvloed word; 4% in 'n hoë mate; 2% in 'n redelike mate en 'n onbeduidende persentasie van hulle in 'n geringe mate of glad nie daardeur beïnvloed sal word nie. Voorts sal waarskynlik 5% meer Afrikaans- as Engelssprekende matriekseuns; 8% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekendes; 3% meer plattelandse Engels- as stedelike Engels= sprekendes in 'n baie hoë mate; 3% meer Afrikaans- as Engelssprekendes en 3% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekendes in 'n hoë mate vanweë roepingsbewustheid die onderwys as loopbaan kies. Al bogenoemde verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2).

## TABEL 31

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN DIE MATE WAARTOE SEKURITEIT HULLE DAARTOE SAL AANMOEDIG (BYLAE 7, VRAAG 33)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPRE=KENDES | TOTALE % AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANS=SPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE ENGELS=SPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 4 ± 0<br>2. 5 ± 1,0<br>3. 2 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | 1. 5 ± 1,0<br>2. 6 ± 1,0<br>3. 2 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | 1. 5 ± 1,0<br>2. 7 ± 1,4<br>3. 1 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | 1. 4 ± 2,2<br>2. 3 ± 2,4<br>3. 2 ± 1,0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | 1. 0 ± 0<br>2. 1 ± 0<br>3. 1 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 |
| TOTALE % ENGELS=SPREKENDES<br>1. 1 ± 0<br>2. 2 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 1 ± 0<br>5. 0 ± 0 | | 1. 4[1)]*<br>2. 4*<br>3. 0<br>4. 1<br>5. 0 | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 1 ± 0<br>3. 1 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | | | 1. 5*<br>2. 6*<br>3. 0<br>4. 0<br>5. 0 | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 3 ± 0<br>2. 3 ± 1,7<br>3. 2 ± 0<br>4. 1 ± 1,0<br>5. 1 ± 0 | | | | 1. 1<br>2. 0<br>3. 0<br>4. 1<br>5. 1 | 1. 3*<br>2. 2<br>3. 1<br>4. 1<br>5. 1 |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 4 ± 2,2<br>2. 3 ± 2,4<br>3. 2 ± 1,0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | | | 1. 1<br>2. 4<br>3. 1<br>4. 0<br>5. 0 | | |

1. Baie hoë mate.
2. Hoë mate.
3. Redelike mate.
4. Geringe mate.
5. Glad nie.

1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.
* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).

Tabel 30 toon dat diegene wat waarskynlik tot die onderwys sal toetree moontlik meer deur roepingsbewustheid beïnvloed sal word, $^{8}/_{10}$ (80%), as die populasie as 'n geheel (45%) (kyk bylae 6, vraag 32.1 en 32.2) en as diegene wat waarskynlik nie tot die onderwys sal toetree nie, $^{32}/_{82}$ (39%) (kyk bylae 8, vraag 32.1 en 32.2). Verdere ontleding toon dat Afrikaanssprekendes as groep waarskynlik gunstiger deur roepingsbewustheid beïnvloed word as Engelssprekendes as groep. Dit geld ook vir stedelike Afrikaans- en stedelike Engelssprekendes, terwyl die plattelandse Engelssprekendes waarskynlik sterker as stedelike Engelssprekendes daardeur be=ïnvloed word.

Dit blyk hieruit dat Transvaalse matriekseuns se roepingsbewustheid, volgens eie oordeel, in direkte verband staan met hulle toetrede tot die onderwys, want juis uit die strata waar, volgens eie oordeel, roepingsbewustheid 'n sterker invloed uitoefen, kom ook ooreenkomstig meer waarskynlike rekrute tot die onderwys (kyk ook tabel 1).

### 5.4.14.7 Ontleding van die mate waartoe die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies deur sekuriteit beïnvloed word (kyk tabel 31)

Ontleding van hierdie tabel toon dat 4% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns en wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, volgens hulle eie oordeel, in 'n baie hoë mate deur die sekuriteit wat die beroep bied, beïnvloed sal word; 5% in 'n hoë mate; 2% in 'n redelike mate en waarskynlik 'n onbeduidende persentasie van hulle in 'n geringe mate of glad nie. Voorts sal waarskynlik 4% meer Afrikaans- as Engelssprekende; 5% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende; 3% meer plattelandse Engels- as stedelike Engelssprekende in 'n baie hoë mate; 4% meer Afrikaans- as Engelssprekende en 6% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende matriekseuns in 'n hoë mate deur die seku=riteit wat die onderwysberoep bied, beïnvloed word om dit as loopbaan te kies. Al bogenoemde verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2).

Tabel 31 dui daarop dat diegene wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies moontlik sterker deur die sekuriteit wat die beroep bied, beïnvloed word, $^{9}/_{11}$ (81,8%), as die populasie as 'n geheel (47%) (kyk bylae 6, vraag 33.1 en 33.2) en as diegene wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie, $^{34}/_{82}$ (39%) (kyk bylae 8, vraag 33.1 en 33.2). Verdere ontleding toon dat die Afri=kaanssprekendes as groep waarskynlik sterker deur die sekuriteit wat die onder=wysberoep, volgens hulle siening bied, beïnvloed sal word as die Engelssprekendes

TABEL 32

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN DIE MATE WAARTOE DIE BESKIKBAARHEID VAN BEURSE HULLE DAARTOE BEÏNVLOED (BYLAE 7, VRAAG 34)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPREKENDES | TOTALE % AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANS=SPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE ENGELS=SPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 5 ± 0<br>2. 3 ± 1,0<br>3. 2 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | 1. 6 ± 1,0<br>2. 4 ± 1,0<br>3. 3 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | 1. 7 ± 1,0<br>2. 3 ± 1,0<br>3. 2 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | 1. 4 ± 2,0<br>2. 4 ± 2,8<br>3. 2 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | 1. 1 ± 0<br>2. 1 ± 0<br>3. 1 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 |
| TOTALE % ENGELS=SPREKENDES<br>1. 2 ± 0<br>2. 2 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | | 1. 4[1)]*<br>2. 2**<br>3. 1<br>4. 0<br>5. 0 | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 1 ± 0<br>2. 1 ± 0<br>3. 1 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | | | 1. 6*<br>2. 2**<br>3. 1<br>4. 0<br>5. 0<br>6. | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 2 ± 0<br>2. 2 ± 0<br>3. 4 ± 3,0<br>4. 1 ± 0<br>5. 1 ± 0<br>6. | | | | 1. 2<br>2. 2<br>3. 2<br>4. 1<br>5. 1 | 1. 1<br>2. 1<br>3. 3<br>4. 1<br>5. 1 |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 4 ± 2,0<br>2. 4 ± 2,8<br>3. 2 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | | | 1. 3<br>2. 1<br>3. 0<br>4. 0<br>5. 0 | | |

1. Baie hoë mate.
2. Hoë mate.
3. Redelike mate.
4. Geringe mate.
5. Glad nie.

1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.
* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).
** Beduidende verskil op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

as groep. Dit geld ook vir stedelike Afrikaans- en stedelike Engelssprekendes, terwyl die plattelandse Engelssprekendes waarskynlik sterker as stedelike Engelssprekendes daardeur beïnvloed sal word.

Dit blyk hieruit dat Transvaalse matriekseuns se eie oordeel oor die invloed van die sekuriteit wat die onderwysberoep bied, in direkte verband staan met hulle toetrede tot die onderwys, want juis uit die strata waar, volgens eie oordeel, sekuriteit 'n sterker invloed uitoefen, kom ook meer waarskynlike rekrute tot die onderwys (kyk ook tabel 1).

5.4.14.8 Ontleding van die mate waartoe die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies deur die beskikbaarheid van beurse beïnvloed word (kyk tabel 32)

Hierdie tabel toon dat 5% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns en wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, volgens hulle eie oordeel, in 'n baie hoë mate deur die beskikbaarheid van beurse daartoe beïnvloed sal word; 3% in 'n hoë mate; 2% in 'n redelike mate en waarskynlik 'n onbeduidende persentasie van hulle in 'n geringe mate of glad nie. Voorts sal waarskynlik 4% meer Afrikaans- as Engelssprekende en 6% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende matriekseuns in 'n baie hoë mate vanweë die beskikbaarheid van beurse, die onderwys as loopbaan kies. Beide verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2). Verder sal waarskynlik 2% meer Afrikaans- as Engelssprekende en 2% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende matriekseuns, in 'n hoë mate, om dieselfde rede die onderwys as loopbaan kies. Laasgenoemde verskille is beduidend op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

Tabel 32 dui daarop dat diegene wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies moontlik in hulle beroepskeuse sterker deur die beskikbaarheid van beurse beïnvloed word, $^{8}/_{11}$ (72,7%), as die populasie as 'n geheel (54%) (kyk bylae 6, vraag 34.1 en 34.2) en as diegene wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie, $^{42}/_{82}$ (51,2%) (kyk bylae 8, vraag 34.1 en 34.2). Verdere ontleding toon dat die Afrikaanssprekendes as groep veel sterker deur die beskikbaarheid van beurse beïnvloed sal word as die Engelssprekendes as groep. Dit geld ook vir stedelike Afrikaans- en stedelike Engelssprekendes. Dit is 'n interessante verskynsel en die vraag is of dit nie moontlik verband hou met verskille in inkomstepeil tussen die twee groepe nie.

# TABEL 33

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN DIE MATE WAARTOE DIENSVOORWAARDES HULLE DAARTOE BEÏNVLOED (BYLAE 7, VRAAG 35)

| | TOTALE % AFRIKAANS & ENGELSSPREKENDES | TOTALE % AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANS=SPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE ENGELS=SPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 2 ± 0<br>2. 5 ± 1,0<br>3. 4 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | 1. 2 ± 0<br>2. 6 ± 1,0<br>3. 5 ± 1,0<br>4. 0 ± 0<br>5. 1 ± 0 | 1. 2 ± 0<br>2. 5 ± 0<br>3. 5 ± 1,0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | 1. 2 ± 1,0<br>2. 5 ± 3,3<br>3. 2 ± 1,4<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | 1. 0 ± 0<br>2. 2 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 |
| TOTALE % ENGELS=SPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 3 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | | 1. 2 1)**<br>2. 3*<br>3. 3*<br>4. 0<br>5. 1 | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 2 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 0 ± 0<br>5. 0 ± 0 | | | 1. 2**<br>2. 3*<br>3. 3*<br>4. 0<br>5. 0 | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 1 ± 0<br>2. 3 ± 1,7<br>3. 4 ± 1,4<br>4. 1 ± 1,0<br>5. 1 ± 0 | | | | 1. 1<br>2. 2<br>3. 2<br>4. 1<br>5. 1 | 1. 1<br>2. 1<br>3. 2<br>4. 1<br>5. 1 |
$^{38}/_{83}$ (45,8%) (kyk bylae 8, vraag 46.1 en 46.2). Dit blyk verder dat die Engelssprekendes as groep en die stedelike Engelssprekendes wat waarskynlik nie tot die onderwys sal toetree nie moontlik sterker ontmoedig sal word deur die baie "base" van die assistent-onderwyser as die ooreenstemmende Afrikaansspre= kendes. Dit is moontlik een van die redes waarom minder Engelssprekendes die onderwys as loopbaan kies.

5.4.17 Samevatting van die faktore wat Transvaalse matriekseuns waarskyn= lik sal ontmoedig om die onderwys as loopbaan te kies

Volgens bylae 7 en 8, vrae 37 tot 46 (kyk ook par. 5.4.16 tot par. 5.4.16.10) blyk dit dat Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies en dié wat waarskynlik nie daartoe sal toetree nie, volgens hulle eie oordeel, die redes waarom so min matriekseuns die onderwys as loopbaan kies, as volg in dalende orde van belangrikheid rangskik.

| FAKTORE | Geskatte persentasie matriekseuns wat waar= skynlik die onderwys sal kies | Rang= orde | Geskatte persentasie matriekseuns wat waar= skynlik nie die onder= wys sal kies nie | Rang= orde |
|---|---|---|---|---|
| 1. Onderwysers se stryd om hoër salarisse | 4+4 = 8; $^{8}/_{11}$=72,7% [1)] | 1 | 32+30 = 62 ; $^{62}/_{82}$=75,6% [2)] | 1 |
| 2. Die onderwyser het te veel "base" | 1+2 = 3; $^{3}/_{11}$=27,3% | 2 | 17+21 = 38; $^{38}/_{82}$=46,3% | 2 |
| 3. Te veel voor= skrifte aan die onderwyser | 1+2 = 3; $^{3}/_{11}$=27,3% | 2 | 11+19 = 30; $^{30}/_{82}$=36,6% | 4 |
| 4. Die publiek se houding teenoor die onderwys | 1+2 = 3; $^{3}/_{11}$=27,3% | 2 | 11+25 = 36; $^{36}/_{82}$=43,9% | 3 |
| 5. Groot hoeveel= hede nasien= werk | 1+2 = 3; $^{3}/_{11}$=27,3% | 2 | 9+21 = 30; $^{30}/_{82}$=36,6% | 5 |
| 6. Fondsinsameling en kermisse | 1+2 = 3; $^{3}/_{11}$=27,3% | 2 | 10+18 = 28; $^{28}/_{82}$=34,1% | 6 |
| 7. Vandag se kinders is te ongedissi= plineerd | 1+2 = 3; $^{3}/_{11}$=27,3% | 2 | 10+14 = 24; $^{24}/_{82}$=29,3% | 7 |
| 8. Oorbeklemtoning van sport op skool | 1+1 = 2; $^{2}/_{11}$=18,1% | 3 | 7+13 = 20; $^{20}/_{82}$=24,4% | 8 |

| FAKTORE | Geskatte persentasie matriekseuns wat waar=skynlik die onderwys sal kies | Rang=orde | Geskatte persentasie matriekseuns wat waar=skynlik nie die onder=wys sal kies nie | Rang=orde |
|---|---|---|---|---|
| 9. Koshuisdienste | 0+2 = 2; $^{2}/_{11}$=18,1% | 4 | 5+11 = 16; $^{16}/_{82}$=19,5% | 10 |
| 10. Te veel kinders in 'n klas | 0+1 = 1; $^{1}/_{11}$= 9,1% | 5 | 4+13 = 17; $^{17}/_{82}$=20,7% | 9 |

1) Van die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, sal 4/11 in 'n baie hoë mate en 4/11 in 'n hoë mate van mening wees dat die onderwysers se stryd om hoër salarisse 'n rede is waarom so min matriekseuns die onderwys as loopbaan kies. Dit word bymekaar getel en as 'n persentasie uitgedruk (kyk bylae 7, vraag 39 en tabel 1).

2) Van die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie sal 32/82 in 'n baie hoë mate en 30/82 in 'n hoë mate van mening wees dat die onderwysers se stryd om hoër salarisse 'n rede is waarom so min matriekseuns die onderwys as loopbaan kies. Dit word byme=kaar getel en as 'n persentasie uitgedruk (kyk bylae 8, vraag 39 en tabel 1).

Volgens bogenoemde ontleding blyk dit dat die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik nie tot die onderwys sal toetree nie, waarskynlik in 'n groter mate van mening is dat genoemde faktore daartoe bydra dat so min matriek=seuns tot die onderwys toetree, as diegene wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies. Dit blyk verder (kyk bylae 8, vrae 39, 41, 42, 43 en 46) dat die onder=wysers se stryd om hoër salarisse, die ongedissiplineerdheid van die moderne kind, groot hoeveelhede nasienwerk en ander administratiewe pligte, te groot klasse en die baie "base" van die onderwyser 'n groter negatiewe invloed uitoefen op die geskatte persentasie Transvaalse Engelssprekende matriekseuns en stedelike Engels=sprekendes wat waarskynlik nie tot die onderwys sal toetree nie, as op hulle Afrikaanssprekende eweknie in die ooreenstemmende strata. Moontlik is dit redes waarom minder Engelssprekendes en veral stedelike Engelssprekendes tot die onder=wys toetree.

Die enkele uitstaande faktor wat in alle strata Afrikaans- en Engelssprekende matriekseuns ontmoedig om tot die onderwys toe te tree is onmiskenbaar die periodiek stryd van die onderwyser om 'n leefbare salaris te beding. Dit word weerspieël deur 74% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns, 72,7% van dié wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies en die 75,6% van dié wat waarskynlik nie tot die onderwys sal toetree nie (kyk par. 5.4.16.3).

# TABEL 45

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN HULLE OPVATTING VAN DIE ONDERWYSER EN DIE MAN IN DIE PRIVAATSEKTOR SE SALARIS (BYLAE /, VRAAG 4/)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPREKENDES | TOTALE % AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANS=SPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE ENGELS=SPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 3 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 6 ± 1,0 | 1. 3 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 3 ± 0<br>4. 7 ± 1,4 | 1. 3 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 7 ± 1,7 | 1. 2 ± 1,0<br>2. 0 ± 0<br>3. 2 ± 1,0<br>4. 5 ± 3,0 | 1. 1 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 1 ± 0<br>4. 2 ± 0 |
| TOTALE % ENGELS=SPREKENDES<br>1. 2 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 3 ± 0 | | 1. 1[1)]<br>2. 0<br>3. 1<br>4. 4* | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 1 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 1 ± 0<br>4. 2 ± 0 | | | 1. 2**<br>2. 0<br>3. 1<br>4. 5* | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 4 ± 3,0<br>2. 0 ± 0<br>3. 0 ± 0<br>4. 5 ± 0 | | | | 1. 2<br>2. 0<br>3. 2**<br>4. 0 | 1. 3<br>2. 0<br>3. 1<br>4. 3* |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 2 ± 1,0<br>2. 0 ± 0<br>3. 2 ± 1,0<br>4. 5 ± 3,0 | | | 1. 1<br>2. 0<br>3. 0<br>4. 2 | | |

1. Weet nie hoe vergelyk die salaris van onderwyser en man in privaatsektor nie.
2. Onderwyser se salaris is baie hoër as dié van man in privaatsektor.
3. Die salaris van onderwyser en man in privaatsektor is ongeveer dieselfde.
4. Onderwyser se salaris is heelwat minder as dié van die man in die privaatsektor.

1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.
* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).
** Beduidende verskil op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

5.4.18 Ontleding van die opvatting van Transvaalse matriekseuns ten op=sigte van die onderwyser se salaris en bevorderingsmoontlikhede en dié van die man in die privaatsektor

Die volgende tabelle het betrekking op die opvatting van Transvaalse matriekseuns in verband met die onderwyser se salaris en bevorderingsmoontlikhede en dié van die man in die privaatsektor. Hiermee word beoog om vas te stel of die mening van Transvaalse matriekseuns is dat die onderwysberoep in hierdie opsig 'n agter=stand het wat rekrutering negatief beïnvloed.

5.4.18.1 Ontleding van die opvatting van die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies ten opsigte van hulle kennis van die onderwyser en van die man in die privaatsektor se salaris (kyk tabel 45)

Volgens tabel 45 blyk dit dat 3% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns en wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, volgens hulle eie oordeel, nie weet hoe die salaris van die onderwyser met dié van die man in die privaatsektor vergelyk nie, dat 'n onbeduidende persentasie van mening is dat die onderwyser se salaris baie hoër is as dié van die man in die privaatsektor; dat 2% van mening is dat die onderwyser se salaris ongeveer dieselfde is as dié van die man in die privaatsektor en dat 6% van mening is dat die onderwyser se salaris heelwat laer is as dié van die man in die privaatsektor. Voorts sal waarskynlik 4% meer Afrikaans- as Engelssprekendes; 5% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engels=sprekendes en 3% meer plattelandse Engels- as stedelike Engelssprekende matriek=seuns van mening wees dat die onderwyser se salaris swakker is as dié van die man in die privaatsektor. Al bogenoemde verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2). Verder sal waarskynlik 2% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende matriekseuns nie weet hoe die onderwyser se salaris vergelyk met dié van die man in die privaatsektor nie, terwyl 2% meer plattelandse Afrikaans- as plattelandse Engelssprekende matriekseuns van mening sal wees dat die salarisse ongeveer dieselfde is. Laasgenoemde verskille is beduidend op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

Tabel 45 dui daarop dat meer matriekseuns wat waarskynlik tot die onderwys sal toe=tree, $^{3}/_{11}$ (27,3%), as die populasie as 'n geheel (19%) (kyk bylae 6, vraag 47.1) en as diegene wat waarskynlik nie tot die onderwys sal toetree nie, $^{15}/_{82}$ (18,3%) (kyk bylae 8, vraag 47.1), volgens hulle eie oordeel, nie weet hoe die onderwyser se salaris met die van die man in die privaatsektor vergelyk nie. Dit blyk verder dat daar moontlik ooreenstemming bestaan by die hele populasie Transvaalse matriek=

# TABEL 46

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN HULLE OPVATTING VAN DIE ONDERWYSER EN DIE MAN IN DIE PRIVAATSEKTOR SE BEVORDERINGSMOONTLIKHEDE (BYLAE 7, VRAAG 48)

| | TOTALE<br>%<br>AFRIKAANS- & ENGELSSPRE= KENDES | TOTALE<br>%<br>AFRIKAANS= SPREKENDES | %<br>STEDELIKE AFRIKAANS= SPREKENDES | %<br>PLATTELANDSE AFRIKAANS= SPREKENDES | %<br>STEDELIKE ENGELS= SPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 1 ± 0<br>2. 3 ± 0<br>3. 5 ± 1,0<br>4. 2 ± 0 | 1. 2 ± 0<br>2. 4 ± 0<br>3. 6 ± 1,0<br>4. 2 ± 0 | 1. 1 ± 0<br>2. 4 ± 0<br>3. 6 ± 1,0<br>4. 1 ± 0 | 1. 1 ± 0<br>2. 2 ± 1,4<br>3. 5 ± 2,0<br>4. 1 ± 0 | 1. 0 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 1 ± 0 |
| TOTALE % ENGELS= SPREKENDES<br>1. 1 ± 0<br>2. 1 ± 0<br>3. 3 ± 0<br>4. 2 ± 0 | | 1. 1[1)]<br>2. 3*<br>3. 3*<br>4. 0 | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 0 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 2 ± 0<br>4. 1 ± 0 | | | 1. 1<br>2. 4*<br>3. 4*<br>4. 0 | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 1 ± 0<br>2. 1 ± 1,0<br>3. 4 ± 1,4<br>4. 4 ± 1,4 | | | | 1. 0<br>2. 1<br>3. 1<br>4. 3** | 1. 1<br>2. 1<br>3. 2<br>4. 3** |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 1 ± 0<br>2. 2 ± 1,4<br>3. 5 ± 2,0<br>4. 1 ± 0 | | | 1. 0<br>2. 2<br>3. 1<br>4. 0 | | |

1. Weet nie hoe vergelyk bevorderingsmoontlikhede nie.
2. Die onderwyser se bevorderingsmoontlikhede is beter.
3. Bevorderingsmoontlikhede is ongeveer dieselfde.
4. Bevorderingsmoontlikhede van man in privaatsektor is beter.

1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.

* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).

** Beduidende verskil op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

seuns (57%) (kyk bylae 6, vraag 47,4), diegene wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie, $^{48}/_{82}$ (58,5%) (kyk bylae 8, vraag 47,4) en diegene wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, $^{6}/_{11}$ (54,6%), dat die onderwyser se salaris heelwat laer is as dié van die man in die privaat sektor. Hierdie mening figureer baie sterker by Engelssprekende en veral stedelike Engelssprekende as Afrikaanssprekende matriekseuns. Hierdie tendens figureer nog sterker by matriekseuns in die verskillende strata wat waarskynlik nie die onderwys as loop=baan sal kies nie. Hier is moontlik 'n belangrike rede waarom minder Engelsspre=kendes, en veral stedelike Engelssprekendes, tot die onderwys toetree.

5.4.18.2 Ontleding van die opvatting van die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies ten opsigte van die bevorderingsmoontlikhede van die onderwyser en van die man in die privaatsektor (kyk tabel 46)

Tabel 46 toon dat 1% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns en wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, volgens hulle eie oordeel, nie weet hoe die bevorderingsmoontlikhede van die onderwyser met dié van die man in die privaatsektor vergelyk nie; dat 3% van mening is dat die onderwyser se be=vorderingsmoontlikhede beter is as dié van die man in die privaatsektor; dat 5% van mening is dat dit ongeveer dieselfde is en dat 2% van mening is dat die man in die privaatsektor se bevorderingsmoontlikhede beter is as dié van die onderwyser. Voorts sal waarskynlik 3% meer Afrikaans- as Engelssprekendes; 4% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekendes van mening wees dat die onderwyser se bevorderingsmoontlikhede beter is as dié van die man in die privaatsektor; 3% meer Afrikaans- as Engelssprekende en 4% meer stedelike Afri=kaans- as stedelike Engelssprekende matriekseuns van mening wees dat die bevor=deringsmoontlikhede vir albei dieselfde is. Bogenoemde verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2). Verder sal waarskynlik 3% meer plattelandse Engels- as plattelandse Afrikaanssprekende en 3% meer plattelandse Engels- as stedelike Engelssprekende matriekseuns van mening wees dat die onderwyser se bevorderingsmoontlikhede swakker as die van die man in die privaatsektor is. Beide verskille is beduidend op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

Tabel 46 dui daarop dat moontlik minder matriekseuns wat waarskynlik tot die onder=wys sal toetree, $^{1}/_{11}$ (9,1%), as die populasie as 'n geheel (14%) (kyk bylae 6, vraag 48.1) en as diegene wat waarskynlik nie tot die onderwys sal toetree nie, $^{12}/_{82}$ (14,6%) (kyk bylae 8, vraag 48.1) volgens hulle eie oordeel, nie weet hoe die onderwyser se bevorderingsmoontlikhede met dié van die man in die privaat=

TABEL 47

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN HULLE OPVATTING OOR DIE BEWERING DAT KANDIDATE TE MAKLIK TOEGELAAT WORD TOT ONDERWYSERSOPLEIDING (BYLAE 7, VRAAG 49)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPRE= KENDES | TOTALE % AFRIKAANS= SPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANS= SPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANS= SPREKENDES | % STEDELIKE ENGELS= SPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 2 + 0<br>2. 9 ± 1,0 | 1. 3 + 0<br>2. 11 ± 1,7 | 1. 3 + 0<br>2. 11 ± 3,0 | 1. 1 + 1,4<br>2. 9 ± 3,0 | 1. 1 + 0<br>2. 4 ± 0 |
| TOTALE % ENGELS= SPREKENDES<br>1. 2 + 0<br>2. 4 ± 0 | | 1. 1[1)]<br>2. 7* | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 1 + 0<br>2. 4 ± 0 | | | 1. 2**<br>2. 7* | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 6 + 3,9<br>2. 4 ± 0 | | | | 1. 5<br>2. 5 | 1. 5<br>2. 0 |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 1 + 1,4<br>2 9 ± 3,0 | | | 1. 2<br>2. 2 | | |

1. Kandidate word te maklik toegelaat tot onderwysersopleiding.
2. Kandidate word nie te maklik toegelaat tot onderwysersopleiding nie.
1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.
* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).
** Beduidende verskil op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

sektor vergelyk nie. Die blyk verder dat moontlik meer matriekseuns wat waar= skynlik die onderwys as loopbaan sal kies, $^{3}/_{11}$ (27,3%), as die populasie as 'n geheel (11%) (kyk bylae 6, vraag 48.2) en as diegene wat waarskynlik nie die onder= wys as loopbaan sal kies nie, $^{8}/_{82}$ (9,8%) (kyk bylae 8, vraag 48.2), volgens hulle eie oerdeel, van mening is dat die onderwyser se bevorderingsmoontlikhede beter is as dié van die man in die privaatsektor. Diegene wat waarskynlik tot die onder= wys sal toetree, $^{5}/_{11}$ (45,5%), die populasie as 'n geheel (31%) (kyk bylae 6, vraag 48.3) en diegene wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie, $^{24}/_{82}$ (29,3%) (kyk bylae 8, vraag 48,3), met mekaar vergelyk, toon dat eersge= noemde moontlik, volgens eie oordeel, in 'n ruimer mate van mening is dat die be= vorderingsmoontlikhede van die onderwyser en dié man in die privaatsektor onge= veer dieselfde is. Uit bylaes 6, 7 en 8, vraag 48.4, blyk dit dat 43% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns, $^{2}/_{11}$ (18,2%) van diegene wat waar= skynlik die onderwys as loopbaan sal kies en $^{38}/_{82}$ (46,3%) van diegene wat waar= skynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie, volgens hulle eie oordeel, van mening is dat die onderwyser se bevorderingsmoontlikhede moontlik heelwat swakker is as dié van die man in die privaatsektor.

Alles in aanmerking geneem toon dat Transvaalse matriekseuns in die verskillende strata wat waarskynlik nie tot die onderwys toetree nie, waarskynlik van mening is dat die bevorderingsmoontlikhede van die onderwyser heelwat swakker is as dié van die man in die privaatsektor. Dit kan 'n belangrike bydraende faktor daartoe wees dat baie matriekseuns nie tot die onderwys toetree nie. Hierdie verskynsel tree by stedelike Engelssprekendes sterker na vore as by stedelike Afrikaansspre= kendes - wat moontlik ook enigsins lig werp op die verskil in toetrede tot die onderwys.

5.4.18.3 Ontleding van die opvatting van die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies be= treffende die bewering dat kandidate vir onderwysersopleiding te maklik toegelaat word (kyk tabel 47)

Tabel 47 toon dat 2% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns en wat waar= skynlik die onderwys as loopbaan sal kies, volgens eie oordeel, van mening is dat kandidate te maklik toegelaat word om as onderwysers opgelei te word, terwyl 9% waarskynlik nie so dink nie. Voorts sal waarskynlik 7% meer Afrikaans- as Engelssprekende en 7% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende matriekseuns van mening wees dat kandidate nie te maklik tot onderwysersopleiding toegelaat word nie. Beide verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2).

Verder sal waarskynlik 2% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende matriekseuns van mening wees dat kandidate te maklik toegelaat word vir onderwysers=opleiding. Hierdie verskil is beduidend op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

Tabel 47 dui daarop dat minder matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loop=baan sal kies, $^{2}/_{11}$ (18,2%), as die populasie as 'n geheel (35%) (kyk bylae 6, vraag 49.1) en as diegene wat waarskynlik nie tot die onderwys sal toetree nie $^{31}/_{82}$ (37,8%) (kyk bylae 8, vraag 49.1), volgens hulle eie oordeel, van mening is dat kandiate te maklik toegelaat word vir onderwysersopleiding. Dit blyk verder dat daar in die Engelssprekende strata waarskynlik 'n groter persentasie matriek=seuns wat nie die onderwys as loopbaan sal kies nie sal wees, as in die ooreen=stemmende strata Afrikaanssprekendes, wat van mening sal wees dat kandidate te maklik vir onderwysersopleiding toegelaat word. By plattelandse Engelssprekendes sal die persentasie matriekseuns wat van mening is dat kandidate te maklik toege=laat word tot onderwysersopleiding, moontlik hoër wees as dié wat van mening is dat kandidate nie te maklik toegelaat word nie.

By die meer begaafde matriekseun mag dit dalk die idee laat ontstaan dat die onderwysberoep 'n minderwaardige beroep is as die vereistes om as onderwyser opge=lei te word, na sy mening, nie veel van hom verg nie. Moontlik is dit 'n rede waarom die onderwys, volgens die resultate van hierdie ondersoek, so 'n geringe aantal rekrute, veral uit Engelse geledere en in die algemeen uit die akademies begaafde matriekseuns trek (kyk par. 5.4.3 hierbo).

### 5.4.19 Samevatting betreffende Transvaalse matriekseuns se opvatting in verband met die onderwyser se salaris en bevorderingsmoontlikhede in vergelyking met dié van die man in die privaatsektor

Uit voorgaande paragrawe blyk dit dat die geskatte persentasies Transvaalse matriek=seuns in die verskillende strata dit eens is dat die onderwyser se salaris heelwat laer is as dié van die man in die privaatsektor (kyk par. 5.4.18.1). Hierdie tendens figureer sterker by Engels- as Afrikaanssprekendes. Bogenoemde geld in 'n geringer mate vir die bevorderingsmoontlikhede van die onderwyser in verge=lyking met dié van die man in die privaatsektor (kyk par. 5.4.18.2). Moontlik is bogenoemde 'n rede waarom slegs 11% van die hele populasie Transvaalse matriek=seuns en minder Engels- as Afrikaanssprekendes, waarskynlik die onderwys as loop=baan sal kies.

Dit blyk ook dat onder die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waar=

# TABEL 48

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN DIE INVLOED WAT HULLE VRIENDE DAAROP UITOEFEN (BYLAE 7, VRAAG 50)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPREKENDES | TOTALE % AFRIKAANSSPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANSSPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES | % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 2 ± 0<br>2. 3 ± 0<br>3. 6 ± 1,0 | 1. 3 ± 0<br>2. 4 ± 0<br>3. 8 ± 1,0 | 1. 2 ± 0<br>2. 3 ± 0<br>3. 8 ± 1,0 | 1. 2 ± 1,7<br>2. 3 ± 1,4<br>3. 4 ± 1,7 | 1. 1 ± 0<br>2. 1 ± 0<br>3. 2 ± 0 |
| TOTALE % ENGELSSPREKENDES<br>1. 1 ± 0<br>2. 1 ± 0<br>3. 4 ± 1,0 | | 1. 2[1)]**<br>2. 3*<br>3. 4* | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 1 ± 0<br>2. 1 ± 0<br>3. 2 ± 0 | | | 1. 1<br>2. 2**<br>3. 6* | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 1 ± 0<br>2. 1 ± 0<br>3. 8 ± 4,7 | | | | 1. 1<br>2. 2<br>3. 4 | 1. 0<br>2. 0<br>3. 6 |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 2 ± 1,7<br>2. 3 ± 1,4<br>3. 4 ± 1,7 | | | 1. 0<br>2. 0<br>3. 4** | | |

1. Aangemoedig om onderwys as loopbaan te kies.
2. Ontmoedig om onderwys as loopbaan te kies.
3. Geen invloed uitgeoefen nie.
1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.
* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).
** Beduidende verskil op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

skynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie daar 37,8% (kyk par. 5.4.18.3) is wat van mening is dat kandidate te maklik toegelaat word tot onderwysersoplei=ding en dat dit baie sterker figureer onder Engelssprekendes (40%) as Afrikaans=sprekendes (26%). Moontlik is ook dit 'n rede waarom so min Engelssprekendes tot die onderwys toetree.

5.4.20 Ontleding van die invloed wat verskillende persone op Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies uit=oefen

In die volgende 6 tabelle word die invloed van persone met wie die matriekseuns dikwels in aanraking kom ontleed. Daar word naamlik beoog om vas te stel of hierdie invloed beduidend is ten opsigte van die keuse van die onderwys as loop=baan al dan nie. Daar sal uiteindelik gepoog word om die positiewe invloed van dié persone in orde van belangrikheid te rangskik (kyk par. 5.4.21).

5.4.20.1 Ontleding van vriende se invloed op die geskatte persentasie Trans=vaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies (kyk tabel 48)

Ontleding van hierdie tabel toon dat 2% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns en wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, volgens hulle eie oordeel, deur vriende daartoe aangemoedig is; 3% deur hulle vriende ontmoedig is en 6% geensins deur vriende daartoe beïnvloed is nie. Voorts sal waarskynlik 3% meer Afrikaans- as Engelssprekende matriekseuns deur hulle vriende ontmoedig word, terwyl 4% meer Afrikaans- as Engelssprekendes en 6% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekendes se vriende geen invloed op hulle keuse van die onder=wys as loopbaan uitoefen nie. Al bogenoemde verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2). Verder sal waarskynlik 2% meer Afrikaans- as Engelssprekendes deur hulle vriende aangemoedig en 2% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engels=sprekendes deur hulle vriende ontmoedig word om die onderwys as loopbaan te kies, terwyl 4% meer stedelike Afrikaans- as plattelandse Afrikaanssprekende matriek=seuns se vriende geen invloed daartoe sal uitoefen nie. Laasgenoemde verskille is beduidend op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

Tabel 48 toon dat Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, $^{2}/_{11}$ (18,2%), die populasie as 'n geheel (19%) (kyk bylae 6, vraag 50) en diegene wat waarskynlik nie tot die onderwys sal toetree nie, $^{6}/_{82}$ (7,3%) (kyk

TABEL 49

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN DIE INVLOED WAT DIE SKOOLHOOF DAARTOE OP HULLE UITOEFEN (BYLAE 7, VRAAG 51)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPRE=KENDES | TOTALE % AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANS=SPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANS=SPREKENDES | % STEDELIKE ENGELS=SPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 7 ± 1,0<br>2. 0 ± 0<br>3. 4 ± 0 | 1. 8 ± 1,4<br>2. 0 ± 0<br>3. 5 ± 1,0 | 1. 7 ± 1,0<br>2. 0 ± 0<br>3. 6 ± 1,0 | 1. 9 ± 3,2<br>2. 0 ± 0<br>3. 1 ± 1,0 | 1. 2 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 2 ± 0 |
| TOTALE % ENGELS=SPREKENDES<br>1. 3 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 2 ± 0 | | 1. 5[1)]*<br>2. 0<br>3. 3* | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 2 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 2 ± 0 | | | 1. 5*<br>2. 0<br>3. 4* | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 6 ± 1,0<br>2. 0 ± 0<br>3. 4 ± 3,0 | | | | 1. 3<br>2. 0<br>3. 3 | 1. 4*<br>2. 0<br>3. 2 |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 9 ± 3,2<br>2. 0 ± 0<br>3. 1 ± 1,0 | | | 1. 2<br>2. 0<br>3. 5* | | |

1. Aangemoedig om onderwys as loopbaan te kies.
2. Ontmoedig om onderwys as loopbaan te kies.
3. Geen invloed uitgeoefen nie.
1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.
* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).

bylae 8, vraag 50.1) waarskynlik in 'n geringe mate deur hulle vriende aangemoedig sal word om die onderwys as loopbaan te kies. Verdere ontleding toon dat $^{3}/_{11}$ (27,3%) Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, 17% (kyk bylae 6, vraag 50.2) van die totale populasie Transvaalse matriek=seuns en $^{14}/_{82}$ (17,1%) van diegene wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie deur hulle vriende ontmoedig is. Verdere ontleding toon dat $^{6}/_{11}$ (54,3%) van die Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, 73% (kyk bylae 6, vraag 50.3) van die populasie as 'n geheel en $^{62}/_{82}$ (75,6%) (kyk bylae 8, vraag 50.3) van diegene wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie, se vriende waarskynlik geen invloed ten opsigte van hulle keuse om die onderwys as loopbaan sal uitoefen nie.

Hieruit blyk dat die positiewe invloed van vriende redelik gering is en dat ont=moediging moontlik in 'n mate figureer, terwyl die grootste persentasie vriende waar=skynlik geen invloed uitoefen nie. Dit val egter op dat stedelike Engelsspre=kendes wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie meer deur hulle vriende ten opsigte van die keuse van onderwys as beroep ontmoedig sal word as hulle Afrikaanssprekende eweknie. Moontlik 'n rede vir die geringer toetrede van eersgenoemde tot die onderwys.

5.4.20.2 Ontleding van die skoolhoof se invloed op die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies (kyk tabel 49)

Volgens tabel 49 blyk dit dat 7% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns en wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, volgens hulle eie oordeel, deur die skoolhoof aangemoedig is; 'n onbeduidende aantal deur die skoolhoof ontmoedig is en 4% geensins hiertoe deur hulle skoolhoof beïnvloed is nie. Voorts sal waar=skynlik 5% meer Afrikaans- as Engelssprekende; 5% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende en 4% meer plattelandse Engels- as stedelike Engelsspre=kende matriekseuns deur die skoolhoof aangemoedig word om die onderwys as loopbaan te kies. Al bogenoemde verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2). Verder sal waarskynlik 3% meer Afrikaans- as Engelssprekende; 4% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende en 5% meer stedelike Afrikaans- as plattelandse Afrikaanssprekende matriekseuns se skoolhoof geen invloed op hulle keuse van die onderwys uitoefen nie. Al bogenoemde verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2).

Tabel 49 toon dat Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loop=

TABEL 50

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN DIE INVLOED WAT DIE VOORLIGTERONDERWYSER DAARTOE OP HULLE UITOEFEN (BYLAE 7, VRAAG 52)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPRE= KENDES | TOTALE % AFRIKAANS= SPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANS= SPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANS= SPREKENDES | % STEDELIKE ENGELS= SPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 8 ± 1,0<br>2. 0 ± 0<br>3. 3 ± 0 | 1. 10 ± 1,4<br>2. 0 ± 0<br>3. 3 ± 0 | 1. 11 ± 1,4<br>2. 0 ± 0<br>3. 3 ± 0 | 1. 8 ± 4,1<br>2. 0 ± 0<br>3. 2 ± 2,0 | 1. 4 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 1 ± 0 |
| TOTALE % ENGELS= SPREKENDES<br>1. 5 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 2 ± 0 | | 1. 5[1)]*<br>2. 0<br>3. 1 | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 4 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 1 ± 0 | | | 1. 7*<br>2. 0<br>3. 2** | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 6 ± 1,0<br>2. 0 ± 0<br>3. 4 ± 3,0 | | | | 1. 2<br>2. 0<br>3. 2 | 1. 2**<br>2. 0<br>3. 3 |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 8 ± 4,1<br>2. 0 ± 0<br>3. 2 ± 2,0 | | | 1. 3<br>2. 0<br>3. 1 | | |

1. Aangemoedig om onderwys as loopbaan te kies.
2. Ontmoedig om onderwys as loopbaan te kies.
3. Geen invloed uitgeoefen nie.
1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.
* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).
** Beduidende verskil op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

baan sal kies, $^{7}/_{11}$ (63,6%), die populasie as 'n geheel (45%) (kyk bylae 6, vraag 50.1) en diegene wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie, $^{35}/_{82}$ (42,7%) (kyk bylae 8, vraag 50.1) waarskynlik in 'n groot mate deur die skoolhoof aangemoedig word om die onderwys as loopbaan te kies. Verdere ontleding toon dat 'n onbeduidende aantal waarskynlik deur die skoolhoof ontmoedig sal word om die onderwys as loopbaan te kies, terwyl 'n redelike persentasie glad nie deur die skoolhoof hierin beïnvloed word nie. Dit wil voorkom of die hoofde van Afrikaansmediumskole, en veral aan die stedelike skole, matriekseuns sterk aan=moedig om tot die onderwys toe te tree, terwyl hulle Engelssprekende eweknie op die platteland ook hulle deel doen. Dit is moontlik een van die redes waarom meer stedelike Afrikaanssprekende matriekseuns geredeliker tot die onderwys toetree teenoor veel minder stedelike Engelssprekende matriekseuns (kyk tabel 1).

5.4.20.3 Ontleding van die voorligteronderwyser se invloed op die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies (kyk tabel 50)

Hierdie tabel toon dat 8% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns en wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, volgens hulle eie oordeel, deur die voorligteronderwyser daartoe aangemoedig is; 'n onbeduidende persentasie ontmoedig is en 3% geensins deur die voorligteronderwyser daartoe beïnvloed is nie. Voorts sal waarskynlik 5% meer Afrikaans- as Engelssprekende en 7% meer stedelike Afri=kaans- as stedelike Engelssprekende matriekseuns deur die voorligteronderwyser beïnvloed word om die onderwys as loopbaan te kies. Beide verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2). Verder sal waarskynlik 2% meer plattelandse Engelssprekendes as stedelike Engelssprekendes deur die voorligter aangemoedig word om die onderwys as loopbaan te kies en sal 2% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende matriekseuns nie daartoe deur die voorligter onderwyser beïnvloed word nie. Beide verskille is beduidend op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

Tabel 50 toon dat Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loop=baan sal kies, $^{8}/_{11}$ (72,7%), die populasie as 'n geheel (63%) (kyk bylae 7, vraag 52.1) en diegene wat waarskynlik nie tot die onderwys sal toetree nie, $^{49}/_{82}$ (59,7%) (kyk bylae 8, vraag 52.1) waarskynlik in 'n bogemiddelde mate deur die voorligteronderwyser tot keuse van die onderwys as loopbaan aangemoedig word. Verdere ontleding toon dat 'n onbeduidende persentasie deur die voorligteronder=wyser ontmoedig sal word, terwyl 'n redelike persentasie waarskynlik nie hiertoe deur die voorligteronderwyser beïnvloed sal word nie. Dit wil voorkom of die

# TABEL 51

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN DIE INVLOED WAT DIE KLASONDERWYSER DAARTO OP HULLE UITOEFEN (BYLAE 7, VRAAG 53)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPREKENDES | TOTALE % AFRIKAANSSPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANSSPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES | % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 4 ± 0<br>2. 0 ∓ 0<br>3. 7 ± 1,0 | 1. 5 ± 1,0<br>2. 0 ∓ 0<br>3. 9 ± 1,4 | 1. 4 ± 0<br>2. 0 ∓ 0<br>3. 10 ± 1,4 | 1. 5 ± 2,6<br>2. 0 ∓ 0<br>3. 5 ± 2,6 | 1. 2 ± 0<br>2. 0 ∓ 0<br>3. 3 ± 0 |
| TOTALE % ENGELSSPREKENDES<br>1. 2 ± 0<br>2. 0 ∓ 0<br>3. 4 ± 0 | | 1. 3[1)]*<br>2. 0<br>3. 5* | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 2 ± 0<br>2. 0 ∓ 0<br>3. 3 ± 0 | | | 1. 2**<br>2. 0<br>3. 7* | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 2 ± 0<br>2. 0 ∓ 0<br>3. 8 ± 3,3 | | | | 1. 3<br>2. 0<br>3. 3 | 1. 0<br>2. 0<br>3. 5 |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 5 ± 2,6<br>2. 0 ∓ 0<br>3. 5 ± 2,6 | | | 1. 1<br>2. 0<br>3. 5 | | |

1. Aangemoedig om die onderwys as loopbaan te kies.
2. Ontmoedig om die onderwys as loopbaan te kies.
3. Geen invloed uitgeoefen nie.
1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.
* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).
** Beduidende verskil op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

voorligteronderwyser aan Afrikaansmediumskole, en veral in die stedelike stratum, matriekseuns sterk aanmoedig om tot die onderwys toe te tree, terwyl sy Engels=sprekende kollega op die platteland ook sy deel bydra. Dit is moontlik een van die redes waarom meer stedelike Afrikaanssprekende en ook meer plattelandse Engelssprekende matriekseuns geredeliker tot die onderwys toetree in vergelyking met stedelike Engelssprekende matriekseuns (kyk tabel 1).

5.4.20.4 Ontleding van die invloed van die klasonderwyser op die geskatte persentasie matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies (kyk tabel 51)

Tabel 51 toon dat 4% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns en wat waar=skynlik die onderwys as loopbaan sal kies, volgens hulle eie oordeel, deur die klasonderwyser aangemoedig is; 'n onbeduidende persentasie ontmoedig is en 7% geensins deur die klasonderwyser hiertoe beïnvloed is nie. Voorts sal waarskynlik 5% meer Afrikaans- as Engelssprekende en 7% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende matriekseuns geensins deur die klasonderwyser beïnvloed word nie en sal 3% meer Afrikaans- as Engelssprekendes deur hom aangemoedig word om die onderwys as loopbaan te kies. Alle verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2). Verder sal waarskynlik 2% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende matriekseuns deur die klasonderwyser aangemoedig word om die onderwys as loopbaan te kies. 'n Beduidende verskil op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

Tabel 51 toon dat Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loop=baan sal kies, $^{4}/_{11}$ (36,4%), die populasie as 'n geheel (28%) (kyk bylae 6, vraag 53.1) en diegene wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie, $^{21}/_{82}$ (25,6%) (kyk bylae 8, vraag 53.1) waarskynlik in 'n geringe mate deur die klasonderwyser daartoe aangemoedig sal word om die onderwys as loopbaan te kies. Verdere ontleding toon dat 'n onbeduidende persentasie moontlik deur die klas=onderwyser ontmoedig sal word om die onderwys as loopbaan te kies, terwyl 'n bo-gemiddelde persentasie waarskynlik nie deur die klasonderwyser hiertoe beïn=vloed word nie.

Dit blyk ook dat meer klasonderwysers aan Afrikaansmediumskole enersyds geen in=vloed op die matriekseuns ten opsigte van hulle keuse van die onderwys uitoefen as hulle Engelse eweknie, maar ook dat meer klasonderwysers aan Afrikaansmedium=skole wel 'n invloed daartoe uitoefen as hulle Engelse eweknie.

## TABEL 52

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS IN DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN SAL KIES TEN OPSIGTE VAN DIE INVLOED WAT FAMILIE DAARTOE OP HULLE UITOEFEN (BYLAE 7, VRAAG 54)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPREKENDES | TOTALE % AFRIKAANSSPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANSSPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES | % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 7 ± 1,0<br>2. 0 ± 0<br>3. 3 ± 0 | 1. 9 ± 1,4<br>2. 1 ± 0<br>3. 4 ± 1,0 | 1. 9 ± 1,4<br>2. 0 ± 0<br>3. 4 ± 0 | 1. 7 ± 2,2<br>2. 0 ± 0<br>3. 3 ± 2,0 | 1. 3 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 1 ± 0 |
| TOTALE % ENGELSSPREKENDES<br>1. 4 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 2 ± 0 | | 1. 5[1)]*<br>2. 1<br>3. 2** | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 3 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 1 ± 0 | | | 1. 6*<br>2. 0<br>3. 3* | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 3 ± 3,3<br>2. 0 ± 0<br>3. 7 ± 1,0 | | | | 1. 4<br>2. 0<br>3. 4 | 1. 0<br>2. 0<br>3. 6* |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 7 ± 2,2<br>2. 0 ± 0<br>3. 3 ± 2,0 | | | 1. 2<br>2. 0<br>3. 1 | | |

1. Aangemoedig om die onderwys as loopbaan te kies.
2. Ontmoedig om die onderwys as loopbaan te kies.
3. Geen invloed uitgeoefen nie.
1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.
* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).
** Beduidende verskil op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

Dit blyk verder dat die Engelssprekende klasonderwyser van diegene wat waarskyn= lik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie, behalwe in die plattelandse stratum, sy matriekseuns beduidend (1%-peil) meer ontmoedig om die onderwys as loopbaan te kies as sy Afrikaanssprekende eweknie (kyk bylae 8, vraag 53.2). Moontlik is dit ʼn rede waarom minder Engels- as Afrikaanssprekende matriekseuns die onderwys as loopbaan kies.

5.4.20.5 Ontleding van familie se invloed op die geskatte persentasie Trans= vaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies (kyk tabel 52)

Tabel 52 toon dat 7% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns en wat waar= skynlik die onderwys as loopbaan sal kies, volgens hulle eie oordeel, deur familie aangemoedig is; ʼn onbeduidende aantal ontmoedig is en 3% nie deur familie daartoe beïnvloed is nie. Voorts sal waarskynlik 5% meer Afrikaans- as Engelssprekende en 6% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende matriekseuns deur hulle familie aangemoedig word om die onderwys as loopbaan te kies. Verder sal waarskynlik 3% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende en 6% meer plattelandse Engelssprekende as stedelike Engelsspekende matriekseuns se familie geen invloed hiertoe uitoefen nie. Al bogenoemde verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2). Verder sal waarskynlik 2% meer Afrikaans- as Engels= sprekendes nie deur hulle familie beïnvloed word nie. ʼn Beduidende verskil op die 5%-peil (kyk par. 5.2).

Dit blyk uit tabel 52 dat Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, $^{7}/_{10}$ (70%), in ʼn hoë mate deur familie aangemoedig is om die onderwys as loopbaan te kies, terwyl die populasie as ʼn geheel (23%) (kyk bylae 6, vraag 54.1) en diegene wat waarskynlik nie tot die onderwys sal toetree nie $^{13}/_{83}$ (15,7%) waarskynlik slegs in ʼn geringer mate deur familie daartoe aangemoedig word . Dit blyk verder dat 11% van die populasie (kyk bylae 6, vraag 54.2) en $^{11}/_{83}$ (13,3%) (kyk bylae 8, vraag 54.2) van die matriekseuns wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie, deur familie ontmoedig is om die onderwys as loopbaan te kies. Verdere ontleding toon dat 66% van die po= pulasie (kyk bylae 6, vraag 54.3), $^{3}/_{10}$ (30%) (kyk bylae 6, vraag 54.3) van dié wat waarskynlik die onderwys sal kies, en $^{59}/_{83}$ (71,1%) (kyk bylae 8, vraag 54.3) van die matriekseuns wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie, nie deur hulle familie aangemoedig is nie.

Hieruit blyk dat familie waarskynlik ʼn sterk positiewe invloed sal uitoefen op

## TABEL 53

VERGELYKING VAN DIE GESKATTE PERSENTASIE TRANSVAALSE MATRIEKSEUNS I
DIE VERSKILLENDE STRATA WAT WAARSKYNLIK DIE ONDERWYS AS LOOPBAAN
SAL KIES TEN OPSIGTE VAN DIE INVLOED WAT DIE ANDER ONDERWYSERS
HIERTOE OP HULLE UITOEFEN (BYLAE 7, VRAAG 55)

| | TOTALE % AFRIKAANS- & ENGELSSPRE= KENDES | TOTALE % AFRIKAANS= SPREKENDES | % STEDELIKE AFRIKAANS= SPREKENDES | % PLATTELANDSE AFRIKAANS= SPREKENDES | % STEDELIKE ENGELS= SPREKENDES |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1. 5 ± 1.0<br>2. 1 ± 0<br>3. 5 ± 0 | 1. 7 ± 1,0<br>2. 1 ± 0<br>3. 6 ± 1,0 | 1. 7 ± 1,0<br>2. 0 ± 0<br>3. 6 ± 1,0 | 1. 4 ± 2,4<br>2. 0 ± 0<br>3. 5 ± 2,0 | 1. 3 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 1 ± 0 |
| TOTALE % ENGELS= SPREKENDES<br>1. 3 ± 0<br>2. 1 ± 0<br>3. 2 ± 1,0 | | 1. 4[1)]*<br>2. 0<br>3. 4* | | | |
| % STEDELIKE ENGELSSPREKENDES<br>1. 3 ± 0<br>2. 0 ± 0<br>3. 1 ± 0 | | | 1. 4*<br>2. 0<br>3. 5* | | |
| % PLATTELANDSE ENGELSSPREKENDES<br>1. 2 ± 0<br>2. 1 ± 0<br>3. 7 ± 3,6 | | | | 1. 2<br>2. 1<br>3. 2 | 1. 1<br>2. 1<br>3. 6 |
| % PLATTELANDSE AFRIKAANSSPREKENDES<br>1. 4 ± 2,4<br>2. 0 ± 0<br>3. 5 ± 2,0 | | | 1. 3<br>2. 0<br>3. 1 | | |

1. Aangemoedig om die onderwys as loopbaan te kies.
2. Ontmoedig om die onderwys as loopbaan te kies.
3. Geen invloed uitgeoefen nie.
1) Totaal Afrikaans minus totaal Engels.
* Beduidende verskil op die 1%-peil (kyk par. 5.2).

matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, veral by Afri= kaans- en stedelike Afrikaanssprekendes, en dat ontmoediging moontlik in 'n mate figureer by dié wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie - en hulle is die groot meerderheid van die studiepopulasie.

5.4.20.6 Ontleding van ander onverwysers se invloed op die geskatte persen= tasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies (kyk tabel 53)

Ontleding van hierdie tabel toon dat 5% van die populasie Transvaalse matriekseuns en wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, volgens hulle eie oordeel, deur ander onderwysers daartoe aangemoedig is; 1% deur ander onderwysers ont= moedig is en 5% nie deur ander onderwysers daartoe beïnvloed is nie. Voorts sal waarskynlik 4% meer Afrikaans- as Engelssprekende en 4% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende matriekseuns deur ander onderwysers aangemoedig word om tot die onderwys toe te tree. Verder sal daar waarskynlik 4% meer Afrikaans- as Engelssprekende en 5% meer stedelike Afrikaans- as stedelike Engelssprekende matriekseuns wees wie se ander onderwysers waarskynlik geen invloed op hulle keuse van die onderwys as loopbaan sal hê nie. Al bogenoemde verskille is beduidend op die 1%-peil (kyk par. 5.2)

Dit blyk uit tabel 53 dat Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, $^{5}/_{11}$ (45,5%), in 'n redelike mate deur ander onderwysers aangemoedig is om die onderwys as loopbaan te kies, terwyl die populasie as 'n ge= heel (31%) (kyk bylae 6, vraag 55.1) en diegene wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie, $^{23}/_{82}$ (28%), waarskynlik in 'n geringer mate deur ander onderwysers aangemoedig is. Dit blyk verder dat 12% van die popu= lasie (kyk bylae 6, vraag 55.2), $^{10}/_{82}$ (12,2%) van diegene wat waarskynlik nie tot die onderwys sal toetree nie en $^{1}/_{11}$ (9,1%) van diegene wat wel tot die onder= wys sal toetree deur ander onderwyser ontmoedig is. Verdere ontleding toon dat 57% van die populasie (kyk bylae 6, vraag 55.3), $^{5}/_{11}$ (45,5%) van diegene wat waarskynlik tot die onderwys sal toetree en $^{49}/_{82}$ (59,8%) (kyk bylae 8, vraag 55.3) van diegene wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie, se ander onderwysers waarskynlik geen invloed op hulle keuse van die onderwys as loopbaan uitoefen nie.

Hieruit blyk dat ander onderwysers sterk positiewe invloed by matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, veral by die totale Afrikaanse populasie en ook die stedelike Afrikaanssprekendes, uitoefen.

Dit blyk verder dat die ander Engelssprekende onderwysers van diegene wat waar=skynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie, behalwe in die stedelike stra=tum, hulle matriekseuns beduidend (5%-peil) meer ontmoedig om nie die onderwys as loopbaan te kies nie, as hulle Afrikaanssprekende eweknie. Moontlik is dit 'n rede waarom minder Engels- as Afrikaanssprekende manlike rekrute tot die onder=wys toetree.

5.4.21 Samevatting betreffende die invloed van persone met wie Transvaalse matriekseuns dikwels in aanraking kom op hulle keuse van die onderwys as loopbaan

Uit tabelle 48 tot 53 en tabel 6, wat betrekking het op die invloed wat persone op Transvaalse matriekseuns uitoefen by hulle keuse van die onderwys as loopbaan, blyk dit dat, volgens hulle eie oordeel, hierdie persone in dalende orde van belangrikheid as volg gerangskik kan word:

| PERSONE | Totale populasie | Rang=orde | Geskatte persentasie matriekseuns wat waarskynlik die onderwys sal kies | Rang=orde | Geskatte persentasie matriekseuns wat waarskynlik nie die onderwys sal kies nie | Rang orde |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Die voorlig=teronderwyser | 63%[1)] | 1 | 8; $^{8}/_{11}$= 72,7%[2)] | 1 | 49; $^{49}/_{82}$= 59,6%[3)] | 1 |
| Die skoolhoof | 45% | 2 | 7; $^{7}/_{11}$= 63,6% | 2 | 35; $^{35}/_{82}$= 42,7% | 2 |
| Ander onder=wysers | 31% | 3 | 5; $^{5}/_{11}$= 45,5% | 4 | 23; $^{23}/_{82}$= 28,0% | 3 |
| Die klasonder=wyser | 28% | 4 | 4; $^{4}/_{11}$= 36,4% | 5 | 21; $^{21}/_{82}$= 25,6% | 4 |
| Familie | 23% | 5 | 7; $^{7}/_{11}$= 63,6% | 2 | 13; $^{13}/_{82}$= 15,9% | 5 |
| Ouers | 17% | 6 | 6; $^{6}/_{11}$= 54,5% | 3 | 8; $^{8}/_{82}$= 9,8% | 6 |
| Vriende | 10% | 7 | 2; $^{2}/_{11}$= 18,2% | 6 | 6; $^{6}/_{82}$= 7,3% | 7 |

1) Omdat hier met die totale populasie gewerk word, is beïnvloeding reeds as 'n persentasie uitgedruk.

2) Die 8 dui daarop dat 8% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns deur die voorligteronderwyser aangemoedig is om die onderwys as loopbaan te kies en wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies. Dit word as persentasie uitgedruk van die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, naamlik 11% van die totale populasie (kyk tabel 50 en tabel 1).

3) Die 49 dui daarop dat 49% van die totale populasie Transvaalse matriekseuns deur die voorligter onderwyser aangemoedig is om die onderwys as loopbaan te kies en wat waarskynlik NIE die onderwys as loopbaan sal kies nie. Dit word as 'n persentasie uitgedruk van die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie, naamlik 82% van die totale populasie (kyk tabel 50 en tabel 1).

Om die waarskynlike effektiewe invloed wat persone uitgeoefen het vas te stel, is as volg te werk gegaan: die voorligteronderwyser moedig 63% (kyk bylae 6, vraag 52.1) van die totale populasie Transvaalse matriekseuns aan om die onderwys as loopbaan te kies. Hiervan sal waarskynlik slegs 8% (kyk bylae 7, vrag 52.1) die onderwys as loopbaan kies, daarom is die effektiewe aanmoediging dus:

| | | | | Rangorde |
|---|---|---|---|---|
| Die voorligteronderwyser | $\frac{8}{63} \times \frac{100}{1}$ | = | 12,7% | 7 |
| Die skoolhoof | $\frac{7}{45} \times \frac{100}{1}$ | = | 15,6% | 5 |
| Ander onderwysers | $\frac{5}{31} \times \frac{100}{1}$ | = | 16,1% | 4 |
| Klasonderwysers | $\frac{4}{28} \times \frac{100}{1}$ | = | 14,3% | 6 |
| Familie | $\frac{7}{23} \times \frac{100}{1}$ | = | 30,4% | 2 |
| Ouers | $\frac{6}{17} \times \frac{100}{1}$ | = | 35,3% | 1 |
| Vriende | $\frac{2}{10} \times \frac{100}{1}$ | = | 20% | 3 |

Die totale invloed uitgeoefen deur persone aan die skool verbonde blyk hoër te wees (kyk par. 5.4.21 hierbo) as die effektiewe invloed en ook hoër as die invloed deur persone uitgeoefen wat nie aan die skool verbonde is nie. Dit is opvallend dat die invloedspersone in die verskillende strata oor die algemeen 'n geringer positiewe invloed op stedelike Engelssprekendes as stedelike Afrikaanssprekendes uitgeoefen het om tot die onderwys toe te tree.

## 5.5 SAMEVATTING

In die voorgaande is die volgende deur die rekenaarverwerkte-data, wat deur Trans= vaalse matriekseuns verskaf is, getabelleer en ontleed.

(a) Persoonlike besonderhede oor Transvaalse matriekseuns, hulle ouers se betrokkenheid by die onderwys en die belangrikste rede waarom hulle 'n beroepskeuse gemaak het.

(b) Die mate waartoe Transvaalse matriekseuns oor sommige van die eien=

skappe van die goeie onderwyser beskik.

(c) Die indrukke wat Transvaalse matriekseuns gedurende hulle skoolloop=baan verkry het oor die onderwyser en die onderwysberoep.

(d) Die mate waartoe verskeie faktore Transvaalse matriekseuns sal aanmoedig om die onderwys as loopbaan te kies.

(e) Die mate waartoe verskeie faktore daartoe bydrae dat so min matriekseuns die onderwys as loopbaan kies.

(f) Matriekseuns se opvatting in verband met die salaris en bevorderingsmoont=likhede van die onderwyser en dié van die man in die privaatsektor.

(g) Die relatiewe invloed op die keuse van die onderwys as loopbaan van verskillende persone met wie Transvaalse matriekseuns dikwels in aan=raking kom.

In die volgende hoofstuk word die bevindings uit die tabelle saamgevat, die impli=kasie daarvan bespreek en sekere aanbevelings gemaak.